

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Praise en Worship

In die gemeentenuusbrief van 'n Gereformeerde Kerk in Pretoria verskyn 'n kennisgewing dat daar besluit is om die gemeente se eredienste voortaan met *praise* en *worship* te verryk. In die derde uitgawe van *Kruispad*, 'n publikasie wat op die ouer jeug van die GKSA gerig is, vra 'n anonieme jong lidmaat dat die GKSA se 150-jarige fees wat in 2009 gevier gaan word, 'n 'groot event vir jongmense, *praise* & *worship*, en dan 'n erediens' moet bevat. In die tweede uitgawe van *Kruispad* is 'n soortgelyke versoek gerig.

Die soeke na *praise* en *worship*

neem duidelik toe. Dit roep vrae op. Een van die mees basiese vrae is seker: hoekom word daar 'n Engelse term gebruik vir iets wat ons in Afrikaans baie goed ken – lof en aanbidding? In antwoord hierop kan 'n mens nie anders nie as om die tipies Amerikaanse inslag van godsdiens te bespeur. Hiermee word nie gesê dat alles wat uit Amerika is, verkeerd is nie. Intendeel. Dat daar in die breë Amerikaanse kerklike lewe verskeie elemente is wat alles behalwe skriftuurlik begrond kan word, staan onteenseglik vas. Die voorspoed- en resepmatige teologie wat deur prominente skrywers soos Rick Warren (Doelgerigte lewe) en

Bruce Wilkinson (Jabes se gebed) voorgestaan word, maak wêreldwyd 'n merk in die gereformeerde kerke. So 'n voorspoed-teologie en veertig dae geestelike reis om die doel van jou lewe te ontdek kan nie Skriftuurlik verantwoord word nie. Dit is al by herhaling in *Waarheid en Dwaling* uitgewys.

Terug by *praise* en *worship*. Dit is – soos die term *gospel*, wat nou al 'n musiek-genre op sy eie geword het, en uitsers winsgewend daarby – 'n vreemde stuk woordgebruik in ons Afrikaanse kerk-wees.

Daarbenewens is dit vreemd aan ons gereformeerde-wees. Die inrigting van

VGL-byeenkoms

Kerk, kerkverband en kerkwees - vandag

Toerusting van gelowiges in die GKSA in 2007

Datum: 10 November 2007 vanaf 08:30 tot 13:00

Plek: Gereformeerde Kerk die Kandelaar, h/v Codonia en Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

Spreekers: Ds HLJ Momberg **Kerk en kerkverband**

Dr GJ Meijer **Kerkwees en 'n 'getuigenis oor kerkregtelike dwalinge'**

(Die dokument 'Handhawing van die suiwer leer teen kerkregtelike dwalinge' is op die webblad van die VGL beskikbaar).

Registrasiegeld: R30 (by die deur).

Verblyf moet vroegtydig gereël word.

Kontakpersoon: mev JC de Wind; tel 012 332 4676; epos: jokedewind@gmail.com

INHOUD

1 Redaksioneel
Praise en Worship

2 Skriftoordenking
Opregtheid gevra
Ds C Jooste

4 Kerkerf
Die hermeneutiek onderliggend aan die vraagstuk oor homoseksualisme
Prof GJC Jordaan

9 Fokus
Christus roep die vrou tot diens in sy kerk
Ds RA Bain

13 Aktueel
Gebod voor die wedstryd
PWW Meijer

14 Aktueel
Die rol van waardes in ons lewens
Dr HS van der Walt

18 Persskou
Gnossies
1 Timoteus 2 - erediens of nie?
Dr GJ Meijer

die erediens in die gereformeerde kerke is al vir eeue lank op die basis van die Skrif vasgelê. In die openlike verklaring by meerdere vergaderinge word daarna verwys as die liturgie wat deur die Sinode van Dordrecht 1618/19 vasgestel is, en wat deur die kerke aanvaar word as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens. Deel van ons liturgie (diens aan God) is om te prys en aanbid. Maar dit is nie al nie. 'n Ander wesenlike deel is om skuld te bely en vir vergewing te vra. 'n Verdere deel is om ons offergawes te bring. Al hierdie dele staan met mekaar in verband. Die een kan nie sonder die ander nie. En belangrik: ons diens aan God het die Woord van God as basis. Sonder bediening van die Woord kan daar geen Godgerigte liturgie wees nie.

In die lig hiervan kry die soeke na *praise* en *worship* 'n beklemmende ondertoon. Waarom afwyk van dit wat deur die eeue as Skriftuurlik bely en beleef is? Waarom sekere dele van ons diens aan God beklemtoon

en bo ander dele verhef? Waarom in Engels?

Oktobermaand is die maand waarin ons by uitstek die begin van die Reformasie herdenk. 31 Oktober 1517 is 'n Godgegewe mylpaal in die geskiedenis. Reformasie is ongetwyfeld iets wat voortdurend moet plaasvind. Ons durf nie ophou reformeer nie. Telkens weer moet daar teruggegaan word na die bron van ons lewe: God en sy Woord. In ons liturgie moet ons eweneens sonder ophou reformeer. Dit beteken nie dat ons telkens met allerlei nuwighede vorendag moet kom om die diens aan God interessant en opwindend te maak nie. God bepaal immers hoe Hy gedien en aanbid wil word. Reformasie in die liturgie het wel alles daarmee te doen dat ons voortdurend sal besin oor die ingesteldheid waarmee ons die Here dien. Liturgiese gebruike kan al te maklik in 'n sleurgang verval. Alles word vanselfsprekend. Daarteen moet ons waak en weerstand bied.

Ons liturgie moet lewend en deurleef wees. Psalms (alle Psalms – en nie net die 'vuiles' nie!) moet met oorgawe gesing word. Die geloof moet met passie bely en uitgeleef word. God moet in Gees en waarheid aanbid word. Daar moet met bereidwilligheid vir die instandhouding en uitbreiding van die erediens geoffer word. Oor al hierdie dinge moet diepgaande gepraat en gepreek word. Die opkomende geslag moet hierin onderrig en voorgeleef word. Kinders moet in die optrede van hulle ouers en ander volwassenes van kleins af hoor en sien hoe die enige ware God gedien wil wees.

Waar dit gebeur, sal dit nie nodig wees om allerlei nuwighede in die liturgie in te bou nie. Trouens, nuwighede word gou oud. Niks raak so gou uitgediend soos die planne van mense nie. Daarenteen is die werkwyse wat God neerlê standhoudend en vir altyd geldend.

GJM

Tydens die byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel op 14 en 15 September is drie referate oor hermeneutiek en bepaalde aktuele vraagstukke gelewer. In hierdie uitgawe van *Waarheid en Dwaling* word die referaat uit die hand van prof GJC Jordaan gepubliseer. Die ander word DV in volgende uitgawes deurgegee.

U sal ook bemerk dat die September- en Oktober-uitgawe in een blad saamgevoeg is. Dit is onder andere gedoen om ruimte vir die referaat van prof Jordaan te skep. Die vertrouwe word uitgespreek dat u by die lees van die referate en die ander artikels verryk en verdiep word met die oog op u lewenswandel in diens van God.

Skrifoorndenking

Ds C Jooste, Pretoria-Innesdal

Opregtheid gevra

Lees: Deuteronomium 18:9-19

Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie.

Vir baie kinders was Julie 'n hoogtepunt-maand. Daar is lank na hierdie maand uitgesien – spesifiek die 21^{ste} Julie. Dit is die dag waarop die wêreld se Potterlus bevredig kon word – die karakter wat die jeug weer aan die lees kon kry. Dit maak nie saak wat ons kinders lees nie, solank hulle maar net lees, word

gesê. Die wêreld maak ons baie dinge wys oor hierdie reeks van sewe boeke. 'Dit is goeie leesstof waarin die goeie altyd die bose oorwin.' 'Harry leer ons kinders sulke goeie medemenslikheid.'

Die feit van die saak waaroor ons as gelowige ouers en kinders ons moet verantwoord is: Wat sê die Here aan ons in sy Woord oor towery? Dit is die vraag. Kan ons hieroor maar rustig wees of roep die Here ons om die wolf in skaapsklere te sien en te ontbloot? Die Skrif is nie stil hieroor nie. Die Here leer ons hoe ons met towery moet omgaan.

Agtergrond

Israel staan, na veertig jaar se omswerwing in die woestyn, op die grens van die beloofde land. 'n Hele geslag het as gevolg van kleingeloof en ongehoorsaamheid in die woestyn omgekom. Gedurig het hulle verlang na die vleispotte van Egipte en wou hulle weer opgeneem word in die valse godsdiens en verknegting aan heidense gebruike in Egipte (Numeri 14). Veertig jaar is 'n lang tyd. Uiteindelik is hulle op die grens van die beloofde land. Voordat hulle die land kan inneem, vernuwe die HERE eers sy verbond met die volk en herhaal Hy sy gebooe.

Die boek Deuteronomium begin met 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die woestyn. Hierna stel die Here weer sy verordeninge in. Die volk kan terugdink en onthou hoe hulle teen die Here in opstand gekom het en hoe Hy hulle telkens verlos het. Weer kan hulle hoor hoe die HERE gedien wil word: nie verdienstediens nie, maar uit dankbaarheid en met brandende harte.

Wanneer die Here sy insettinge weer aan die volk gee, gaan dit nie alleen oor hoe Hy in die Israeliese daaglikse lewe gedien wil word nie, maar ook in die seremonies en tempeldiens. Vanaf hoofstuk 16:18 word daar gehandel oor die regspraak, die koningswet, die diens van die Leviete, en dan die hoogtepunt in die belofte van die groot Profeet in Israel. Die diens van die koning, die priester en die profeet kom duidelik na vore. In hierdie konteks word die waarskuwing oor die straf oor waarsêery gerig.

Waarsêery en towery

Die HERE verbied Israel pertinent om aan enige van die gebruike van die heidense Kanaäniete deel te neem of dit na te volg. Hulle moet leer om nie volgens die gruwels van daardie nasies te handel nie. Ons hoor dit duidelik in verse 10 en 11: 'Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaen – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie'. Die volk wat die HERE met 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm uit die slawerny van Egipte verlos het, mag met hierdie praktyke niks te doen hê nie. Vir die soeke na die gesagvolle wil van die HERE vir ons lewe, is sy Woord in die lewende omgang met Hom genoegsaam! Eva, en Adam by haar, het juis hierin verkeerd gegaan. Ondanks die duidelike lewenswoord van die HERE het hulle tog na die 'geheime kennis' van die slang geluister. Van die dinge wat later al hoe erger onder die mense in

gebruik gekom het, klink vir ons grusaam, soos kinderooffers en die oproep van geeste. Hierdie dinge is vir die HERE 'n gruwel. Hy het hulle daarvan bevry en Homself genoegsaam aan hulle geopenbaar. Daarom moet hulle hul nie weer met hierdie dinge ophou nie.

Wanneer ons sien wat die Here verbied, moet ons nie te vinnig 'n verontskuldigende houding inneem nie. Soveel van hierdie dinge is aan die orde van die dag. Ons gaan maar ligtelik daaroor. Ja, ons offer mos nie ons kinders nie, maar ons laat hulle toe om die towery en waarsêery van Harry Potter te geniet. Dit bly maar onskuldige vermaak. In die meeste gesinstydskrifte wat ons lees gaan ons vlugtig oor wat die sterre voorspel. Ek glo nie daarin nie, maar dit is interessant. Ons kinders in skole en by maats het moontlik al probeer om glasie-glasie te speel. Van ons ouer mense het die interessantste bygelowe. Die lys is lank. Ons kan baie dinge opnoem wat met towery en waarsêery verband hou. Die feit is, dit bly 'n gruwel in die oë van die HERE as ons op sulke maniere sy wil oor ons mense se lewens probeer ondersoek.

Die rede hoekom God Israel verbied om hulle met hierdie praktyke besig te hou, blyk duidelik uit vers 14: 'Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie'. Israel word gewaarsku om nie aan die mode van die dag gehoor te gee nie. Die towerpraktyke van die Kanaäniet is nie geoorloof vir die volk van die Here nie. Meer nog, benewens hulle goddeloosheid en afgodery is hulle towery ook deel van die rede hoekom die oordeel van die Here oor hulle kom. Hulle het die Here as Heerser van die hemele en die ganse aarde deur hierdie gebruike vertoorn. Kennis van God se wil vir ons lewens is nie in die eerste plek 'n soektog wat van ons af Hom kan bereik of gryp nie, maar 'n saak van openbaring. Hy spreek voldoende met ons deur sy Woord, deur die egte diens van koning, priester en profeet! Daarom mag Israel ook nie deur dieselfde gebruike die HERE

vertoorn en so uit die beloofde land verjaag word nie.

Die ware Profeet

Ons moet nou nie dink dat die bonatuurlike nie bestaan nie. Dit is 'n werklikheid. Paulus sê aan ons dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bese geeste in die lug (Efesiërs 6:12). Die Ou-Testamentiese Israeliete was sterk onder die indruk van die bonatuurlike. Hulle het profesieë gehoor en die wonders in die woestyn gesien. Hulle het beleef hoe daar water uit 'n rots kom, hoe die Rooi see verdeel het sodat hulle op droë grond kon deurtrek. Teenoor die kultiese gebruike van die Kanaäniete voorsien die Here aan Israel die ware manier om met die werklikheid van die 'bonatuurlike' saam te lewe. Hy gee aan Israel die diens van die profete. Die profete sal dien as spreekbuis tussen God en sy volk.

Die profetediens getuig ook van ons hoogste Profeet, Christus. Christus as Middelaar, plaas ons in verbinding met God. Christus het die middelmuur van skeiding tussen ons en die hemel afgebreek sodat ons met ons gebede tot die Vader kan nader. In Hom kan ons tot die Vader kom en uit sy Woord die wil van die Vader soek. Die mag van die bese word nie verbreek deur die magiese optrede van 'n seuntjie nie. Dit word ook nie oorwin deur die goeie gees in onself te ontdek nie. Ons vertroosting in die pyn en smart van hierdie lewe kom nie deur 'n medium wat ons in verbinding met ons afgestorwe geliefdes plaas nie. Al hierdie dinge gebeur slegs in Christus. In Christus alleen kan ons die goeie stryd teen die bese aanslag van die Satan stry, en in Hom alleen oorwin. Ja, in Hom is ons meer as oorwinnaars.

Wanneer ons met die perspektief van Christus, ons Hoogste Profeet, die tendens van towery en die magiese oplewing in ons samelewing beoordeel, kan ons nie anders nie as om dit ten sterkste af te wys. Ons kan nie twee here gelyk dien nie. Wanneer ons op Christus gefokus is en in dankbaarheid sy Middelaarswerk sien, kan ons nie meer teen die onskuldige vermaak

van die magiese vaskyk nie. Dan moet ons dieper kyk en sien dat die magiese die plek van Christus in ons lewe wil inneem. Ons sien dat die Satan se aanslag om sy bese werke mooi, onskuldig en aantreklik vir die wêreld aan te bied, nie sal ophou nie. Daar is ook troos. Vir die kinders van God word die werke van die vlees ingeneem deur die vrug van die Gees.

Die werke van die vlees en die vrug van die Gees

In Galasiërs 5 word towery juis as een van die werke van die vlees openbaar. Dit staan daar duidelik dat die wat sulke dinge doen nie die koninkryk van God sal beërwe nie. Die kind van God wat in Christus oorwinnaar is, word nie meer deur die werke van die vlees beheers

nie, maar is met die Gees vervul. In sy lewe sal die vrug van die Gees deur die aangryp van sy Woord (kyk Psalms 19 en 119) sigbaar word. Dié wat aan Christus behoort sal die hartstogte en die begeerlikhede van die vlees kruisig. Die vlees wat hom besig hou met towery is afgesterf. Die kind van God kan nou deur die Gees uit die Woord leef. Dié wat deur die Gees leef sal ook deur die Gees wandel. Die begeerlikheid na die wonderlikste magiese kragte word verdring deur die wete dat ons deur die Gees leef en deur die Gees wandel.

Die verbod van Deuteronomium 18:9-14 is nie maar net 'n pretbederwer-gebod wat die duiwel agter elke bos gaan soek nie. Hier openbaar God aan sy volk dat Hy hulle enigste Here is en dat Hy aan hulle sy Profeet sal gee wat hulle

alles en genoegsaam sal onderrig. Hulle hoef hulle nie met heidense gebruike op te hou nie. Meer nog, hulle mag nie. Wanneer ons hierdie verbod hoor, word ons weer opgeroep om Christus se Middelaarswerk in ons lewe te sien. Ons word opgeroep om die vrug wat die Gees in ons lewe voortbring deur die lewende verkondiging van die Woord uit te leef en nie om dit te meng met die werke van die vlees nie.

"n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis' (Deuteronomium 18:18,19).

Kerkerf

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

Die hermeneutiek onderliggend aan die vraagstuk oor homoseksualisme

Oor die afgelope kwarteeu het die teologiese vraagstuk oor homoseksualisme tot 'n hermeneutiese vraagstuk ontwikkel. Tot in die sewentigerjare van die twintigste eeu is homoseksualisme deur die kerke in Suid-Afrika met weinig teenspraak uit die Skrif afgewys (Botha, 2004:2)¹. In 1980 het Daniël Louw van die Fakulteit Teologie in Stellenbosch egter verklaar dat homoseksualiteit bloot deel van sekere mense se psigofisiese samestelling is en daarom nie as sonde beskou kan word nie. Vier jaar later sê die Anglikaanse teoloog Torquil Paterson (1984:45) dat homoseksuele mense nie vir hulle seksuele oriëntasie skuldig gehou kan word nie omdat hulle in die wêreld gekom het soos hulle is. Hierdie uitsprake raak die

hermeneutiek van die Skrif nie direk nie, maar die saadjie is gesaai dat die Skrif nie meer as norm vir die etiek geneem moet word nie maar eerder die (sondige) werklikheid waarin die mens hom bevind.

Teen die draai van die eeu het die homoseksualisme-vraagstuk egter 'n hermeneutiese kwessie begin word. Ook hulle wat homoseksualisme wil goedpraat, begin nou vra hoe ons die Bybel hieroor moet verstaan. Die antwoord waarby hulle uitkom, is soms skrikwekkend. Barnard (2000:104) skryf: 'As ons moet vra wat die Nuwe Testament ons oor seksuele oriëntasie leer, moet ons in alle eerlikheid antwoord: Niks! ... Vir my is dit duidelik dat Paulus se minderheidsverslag in die Nuwe-Testamentiese kanon abnormale homoseksuele praktyke negatief beoordeel, maar daar is geen uitspraak oor homoseksuele/homofiele oriëntasie nie'. In

dieselfde trant getuig die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) voor die parlementêre gelykheidskomitee: 'Truth in the Bible is evolving with time. Some things that were prohibited in the past are no longer prohibited'.

In die debat oor homoseksualiteit wat intussen in die NG Kerk ontken is, het 'n groep homoseksuele predikante onder die skuilnaam *Ubi Caritas* in *Die Kerkbode* van 4 April 2001 'n pleidooi gelewer dat daar weer met 'n oop gemoed na 'die sogenaamde verdoemende Bybeldele' gekyk moet word. Sulke Bybeldele² moet volgens hulle nie 'op sigwaarde' geneem word nie, maar moet in die lig van moderne psigologiese insigte oor homoseksualiteit geherinterpreteer word.

1 In hierdie voordrag is ruim gebruik gemaak van die inligting in Botha se proefskrif.

2 Hierdie Bybeldele sluit Romeine 1:18-32, 1 Korintiërs 6:1-11 en 1 Timoteus 1:3-11 in.

Die suggestie van hierdie predikantegroep is baie duidelik: Die gevestigde gereformeerde hermeneutiek lees die Bybel tipies fundamentalisties op blote sigwaarde. Hierdie suggestie word deur Barnard (2000:121) verder gevoer tot 'n blatante aanklag. Hy verwys na diegene wat homoseksualisme op Bybelse gronde verwerp as 'Bybelswaaiers en Fariseërs' en roep hulle tot bekering: 'Hou op om oor ander mense God te speel' (2000:121).

Met hierdie aanklag gee die pleitbesorgers vir homoseksualisme terselfdertyd te kenne dat hulle 'n beter hermeneutiese model as die gereformeerde grammaties-historiese hermeneutiek navolg. Volgens Botha (2004:4) bepleit hulle in werklikheid 'n hermeneutiese paradigmaskuif in die kerk ten einde by 'n meer liberale interpretasie van die betrokke Bybeldele uit te kom. Die groot vraag is: Wat is die 'nuwe' hermeneutiese model wat hulle bepleit? Watter hermeneutiek lê ten grondslag aan hulle interpretasie van die Bybel?

Skrifbeskoulike uitgangspunte

Ten einde hierdie 'nuwe' hermeneutiek te verstaan, moet eers gekyk word na die prinsipiële uitgangspunte waarop dit berus. Veral die onderliggende Skrifbeskouing van die beweging is van primêre belang. Die uitsprake wat hierbo aangehaal is, laat min twyfel oor die Skrifbeskoulike uitgangspunte waarop dit berus. Let weer op die volgende uitsprake:

- Die christelike etiek behoort nie te berus op 'n beroep op die Skrif nie maar op die werklikheid van ons tyd (Paterson). Die Skrif is dus nie die norm of die kanon van die christelike lewe nie.
- Die Bybel bied nie 'n vaste waarheid nie maar 'n waarheid wat na gelang van omstandighede verander/evolueer (SARK). Hierdie standpunt is 'n onbeskaamde navolging van die relasionele waarheidsbegrip.
- Aangesien omstandighede die waarheid bepaal (SARK), is ook die Skrifwaarhede omstandighedsbepaald. Die

Bybel is dus 'n produk van die sosio-historiese (oftewel kultuurhistoriese) omstandighede van daardie tyd. Hierdie siening is tipies aan die sosio-wetenskaplike³ hermeneutiek, waarvolgens die Bybel nie tydgerig ontstaan het nie, maar tydsbepaald (Kurpershoek, 1997:33). Daarom is die Skrifwaarhede ook tydigebonde.

- Al wat ons uit die Nuwe-Testamentiese Skrifdele te wete kom, is dat Paulus abnormale homoseksuele praktyke veroordeel (Barnard). Hiermee word aangesluit by die histories-kritiese beskouing dat die Bybel bloot die opinie van mense bevat en daarom nie gesaghebbend of bindend vir vandag is nie. Hierdie beskouing misken die Heilige Gees as die eerste Outeur van die Bybel.
- Paulus se veroordeling van abnormale homoseksuele praktyke is boonop 'n 'minderheidsverslag' (Barnard). Daarmee word die eenheid van die Skrif verwerp en word die Bybel versnipper tot 'n aantal individuele en dikwels teenstrydige standpunte van mense (Paulus versus ander).

In die geheel gesien blyk dit dat die 'nuwe' hermeneutiek die Bybel nie as Gods Woord erken nie en dit bloot as menslike boek beskou. Gevolglik word ook die Godelike gesag van die Bybel bevraagteken.

Hermeneutiese stellings

Volgens Bartlett (2001:6) is die grondslag van hierdie 'nuwe' hermeneutiek dat beide die konteks van die Bybel en die hedendaagse samelewing verreken word om 'n standpunt te vorm. Miskien sou dit nog as gangbaar kon deurgaan, maar alle twyfel word uit die weg geruim deur Bartlett se uitsprake in *Beeld* (2002:10). Die manier waarop die Bybel gelees moet word, is dat 'n

3 Kurpershoek (1997:30) dui aan dat die term 'sosiaal-wetenskaplik' 'n oorkoepelende term is. Dit sluit in die sosio-historiese benadering wat bloot beskrywend wil wees (dit is die 'ou' kultuurhistoriese agtergrondstudie) asook die sosio-historiese benadering wat verklarend wil wees (dit is wat die kultuurhistoriese gegewens as sleutel tot verstaan van die teks verhef). Dit sluit ook die sosiologiese benadering in, wat die teks en sy konteks vanuit die sosiale wetenskappe wil verklar.

mense eers na die wetenskap luister en dan die Bybel raadpleeg om te sien of jy dit reg verstaan het. Aansluitend hierby is die pleidooi van *Ubi Caritas* (2001:6) dat die Bybel in die lig van moderne psigologiese insigte oor homoseksualiteit ge-herinterpreteer moet word⁴.

Hierdie uitsprake het verreikende gevolge vir die hermeneutiek van die Skrif. Dit sê dat die norm van waarheid nie die Skrif is nie maar die wetenskap, oftewel moderne psigologiese insigte oor homoseksualiteit. Solank die Bybel nie daarmee in ooreenstemming is nie, verstaan ons die Bybel nie reg nie. Die hermeneutiek moet dus daarvoor voorsiening maak dat dit wat die Bybel sê so geplooi kan word dat dit met die mens se insigte sal ooreenkom. Dit kom neer op 'n hermeneutiek van inlegkunde in plaas van uitlegkunde. Die antwoord is vooraf vasgestel, en die eksegeet se taak is om die Bybel by daardie antwoord uit te bring.

Die orde is dus net omgekeer. Die mens se insigte word nie op grond van die Skrif beoordeel nie maar die Skrif word op grond van menslike insigte beoordeel. Botha (2004:5) se waarneming is dat hedendaagse filosofiese denkstrome (byvoorbeeld die postmodernisme, humanisme, sosialisme), persoonlike ervarings (gevoel en emosie), politieke motiewe en homoseksuele drukgroepe alles deel vorm van die 'nuwe' hermeneutiek waarmee sulke teoloë die Skrif beoordeel en tot 'n beslissing kom. Die gevolg is dat in sulke eksegeese die antwoord alreeds bepaal is nog voordat die Skrif oopgemaak word. Die interpretasie van die Bybel bestaan dan uit niks anders nie as om die Bybel te laat buiksprek sodat dit die vooraf-opgestelde antwoord onderskryf.

Om by hierdie antwoorde uit te kom blyk dit dat eksegete gewoonlik van die sosiaal-wetenskaplike interpretasiemodel gebruik maak. Die sosiaal-wetenskaplike model is daarvoor bekend dat dit die Bybel as produk van sy sosiale *Umwelt* beskou. Daarom kan die Bybel volgens sosiaal-wetenskaplikes reg

4 Die sosiologiese benadering binne die sosiaal-wetenskaplike eksegeese poeg juis om die teks vanuit die sosiale wetenskappe te herinterpreteer (Kurpershoek, 1997:29).

verstaan word slegs as dit gelees word deur die bril van sosio-historiese gegewens. Dat die pleitbesorgers van homoseksualisme hierdie hermeneutiese pad opgaan, is duidelik uit die manier waarop hulle al die 'gewraakte Skrifdele oor homoseksualisme' hanteer. In die bespreking hieronder word hulle interpretasie van Romeine 1:26-27 ter illustrasie gebruik.

Sosiaal-wetenskaplike interpretasie van Romeine 1:26-27

Romeine 1:24-27 is vir die pleitbesorgers van homoseksualisme 'n steen des aanstoots. In die ruimer konteks van Romeine 1:18-32 gaan dit oor mense wat in goddeloosheid die waarheid van God se skeppingsopenbaring onderdruk, mense wat weier om God te erken of te dien en in hulle moedswillige dwaasheid skepsele in plaas van God vereer. In vers 26-27 skryf die apostel Paulus dan die 'gewraakte' woorde: 'Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelijkheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang'.

Die sleuteltermen in hierdie verse is 'die natuurlike verkeer verander' (Grieks: *metellaksan tēn fusikēn chrēsīn*) in vers 26, en 'die natuurlike verkeer verlaat' (Grieks: *aphentēs tēn fusikēn chrēsīn*) in vers 27. Hoewel die Griekse woord *chrēsis* met 'gebruik' of 'nut' vertaal kan word, kan dit ook op 'seksuele verkeer' dui. In verse 26 en 27 gaan dit kennelik oor seksuele verkeer, want dit gaan oor die natuurlike *chrēsis* van mans en vroue in teenstelling met 'n *chrēsis* wat teen die natuur (*para fusin*) ingaan. Romeine 1:24-27 sê dan dat God mense wat skepsele in plaas van God vereer, straf deurdat Hy hulle aan teen-natuurlike seksuele verkeer oorgee. Wat is hierdie teen-natuurlike seksuele verkeer? Vers 27 sê: dat 'mans die natuurlike verkeer

met vroue laat vaar en in wellus teenoor mekaar ontbrand'. As daar nog enige twyfel sou wees oor wat hy bedoel, stel Paulus dit in vers 27b nog duideliker: 'mans pleeg skandelikhede met mans'.

Die sosiaal-wetenskaplike interpretasie van Frederickson

Om uit die dilemma van hierdie ooglopende uitspraak teen homoseksualisme te kom, maak Frederickson (2000:202-207) kapsie daarteen dat Bybellesers 'the plain sense of Scripture' navolg. Na sy mening moet die woord *fusis* in hierdie verse nie opgeneem word as 'n verwysing na 'die natuur' nie maar na 'dit wat vir die samelewing aanvaarbaar is' (vergelyk 1 Korintiërs 11:14). Iets wat dan *fusikēn* is, is 'aanvaarbaar vir die samelewing' en iets wat *para fusin* is, is 'teen die aanvaarde beskouing van die samelewing'. Op grond hiervan gaan haal hy sosio-historiese gegewens vanuit die destydse leefwêreld as sleutel om die teks te verstaan:

- Frederickson meen dan dat dit in die destydse samelewing aanvaarbaar was dat 'n man binne die huwelik sy vrou seksueel 'gebruik'. Wat onaanvaarbaar (*para fusin*) was, was dat hulle teenoor hulle vroue in wellus ontbrand (2000:201). Seksuele optrede moet dus gepaard gaan met die nodige beheer van eie begeertes. Dan is dit vir die samelewing aanvaarbaar (*kata fusikēn chrēsīn*). In Romeine 1:26-27 spreek Paulus hom dus nie uit teen mense van dieselfde geslag wat seksueel met mekaar verkeer nie, maar teen mense wat – ongeag hulle geslag – *sonder die nodige beheer van hulle begeertes* seksueel met mekaar verkeer, sê Frederickson.
- Dat *seksuele verkeer tussen mense van dieselfde geslag* (dit is homoseksuele daad) vir die destydse samelewing aanvaarbaar was, blyk uit die *Symposium* van die Griekse skrywer Xenophon. In Hoofstuk 8.2, paragraaf 13 van die boek wys Xenophon per implikasie daarop dat die voorwerp van liefde die liggaam van jou seksmaat is, ongeag sy of haar geslag. Frederickson gebruik

hierdie inligting om te beweer dat Paulus in Romeine 1:26-27 *ongetemde seksuele wellus* eerder as *homoseksuele daad* afwys.

Frederickson se 'interpretasie' bevat egter die volgende inherente gebreke:

- *Dit hou nie rekening met dit wat in die teks self geskrywe staan nie.* In Romeine 1:27 skryf Paulus in soveel woorde dat die skandelijke optrede daarin bestaan dat manne die natuurlike verkeer *met die vrou* laat vaar het en dat *mans met mans* in wellustigheid skandelikhede pleeg. Hierdie duidelike kwalifiserings wat die teks bevat, word deur Frederickson (gerieflikheids-halwe?) geïgnoreer. In praktyk gebruik hy dus sosio-historiese gegewens om die teks, of ten minste dele daarvan, ongeldig te verklaar⁵. Dit is kenmerkend van die meeste sosiaal-wetenskaplike eksegete dat hulle nie veel erg het aan wat die teks sê nie. Gebondenheid aan die teks word gewoonlik deur hulle as tipies van die fundamentalisme beskou⁶. Daarom het sulke eksegete dikwels geen huiwering om die teks vir die sosio-historiese gegewens te laat terugstaan nie.
- *Verder hou dit nie rekening met die tekstuele konteks waarbinne Romeine 1:26-27 staan nie.* Romeine 1:18-32 beskryf die mensdom se verontagsaming van wat God in die skepping openbaar, naamlik dat Hy die enige ware God is wat aanbid moet word. Hoewel God se heerlijkheid in die skepping voor die hand liggend is, het die mensdom in hulle gewaande wysheid (vers 22) 'die heerlijkheid van die onverganklike God verander' deur Hom gelyk te stel aan beelde van 'n verganklike mens en voëls en diere. Daarom het God hulle daaraan oorgegee dat hulle ook die mens se natuurlike verkeer, wat in die skepping voor die hand liggend is, te verander, sodat vroue met

⁵ Binne die gereformeerde grammaties-historiese eksegeese word kultuurhistoriese (sosio-historiese) inligting gebruik om die teks toe te lig, maar nooit om dit te veto nie.

⁶ Vergelyk Frederickson (2000:202) se beswaar teen 'the plain sense of Scripture'.

vroue en mans met mans seksueel verkeer. Omdat hulle God se Selfopenbaring in die skepping omgedraai het, het hulle ook God se mensopenbaring in die skepping omgedraai. Calvin (1979:79) sê dat hulle hul oë gesluit het vir die lig wat God hulle gegee het en die gevolg daarvan was dat hulle die hele skeppingsorde omgedraai het. Cottrell (2000:157) stel dit so: 'When man gives up the Creator (Rom 1:25), he likewise gives up the creation ordinances, which include the male-female relationship'. Vir hierdie gedagtesamehang van die konteks maak Frederickson se interpretasie geen voorsiening nie.

- Uit Frederickson se argumentasie is dit duidelik dat hy die Romeinebrief as *produk van die destydse sosio-historiese situasie* beskou. Hy gaan immers daarvan uit dat die Romeinebrief die destydse Grieks-Romeinse beskouings oor seksualiteit sou oorgeneem het⁷. As homoseksualisme vir die heidene aanvaarbaar was, was dit ook vir die Bybelskrywers aanvaarbaar. Dat die Bybel juis die heidense beskouings en praktyke afwys en God se *korrektief* daarop stel, is blykbaar nie eens by Frederickson 'n oorweging nie⁸. Daarom is dit vir hom vanselfsprekend dat hy die destydse beskouings en praktyke as sleutel tot die verstaan van die teks moet neem.
- Origen is die sosio-historiese gegewens wat Frederickson as verstaansleutel gebruik, onvolledig. Schmidt (1996:297) wys daarop dat, binne die konteks van seksuele optrede, Grieks-Romeinse en Joods-Hellenistiese literatuur gewoonlik die uitdrukking *para fusin* ('teen die natuur') gebruik as verwysing na homoseksuele praktyke, terwyl

man-vrou-verhoudings beskryf word as *kata fusin* ('volgens die natuur'). As Frederickson ook hierdie sosio-historiese gegewens in ag geneem het, sou hy moes toegee dat sy konstruksie nie op vaste grond staan nie. Hiermee word 'n inherente probleem van die sosio-wetenskaplike hermeneutiek blootgelê, naamlik dat *sosio-historiese gegewens gewoonlik onvolledig is en dikwels selektief gebruik word om die eksegeet se doel te bereik*.

Die sosiaal-wetenskaplike interpretasie van Scroggs

Nog 'n kampvegter vir homoseksualisme, R Scroggs (1983:121-128), interpreteer Romeine 1:26-27 weer anders. Eweneens gebruik hy sosio-historiese gegewens as interpretasiesleutel. Hy wys op die praktyk in die Grieks-Romeinse leefwêreld wat bekend gestaan het as *pederastia* (= kinderseks). Volwasse mans het seksuele bevrediging by jong seuns gesoek. Die seuns is as blote seksuele objek hanteer en was nie veronderstel om enige seksuele bevrediging daaruit te put nie⁹. Nou beweer Scroggs dat Paulus in Romeine 1:26-27 slegs *pederastia* afwys. Vir Paulus is die gruwel nie in die homoseksuele daad geleë nie, maar in 'n praktyk waar die man wat die daad uitvoer bevrediging van sy begeertes kry sonder dat die ontvanger van die daad enige bevrediging kry.

- Net soos Frederickson hou Scroggs nie rekening met wat daar in die teks self geskrywe is nie. Romeine 1:26-27 wys onteenseglik op onnatuurlike seksuele optrede van mans sowel as vrouens. Trouens, vroue word eerste genoem. Daarmee is enige bewering dat hierdie Skrifdeel net oor mans en seuns gaan, sommerk uit die staanspoor by die wortel afgesny. Verder gaan dit in 1:27 oor manne wat 'in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand'. Van Scroggs se 'eenrigting-bevrediging' is hier duidelik geen sprake nie. Weer eens kom ons te staan voor die sosiaal-wetenskaplike eksegeese

se gebrek aan respek vir die teks.

- Net soos Frederickson maak Scroggs selektief van sosio-historiese gegewens gebruik. Juis die feit dat hy sulke 'vreemde' gegewens by die hare bysleep terwyl daar ander baie meer voor die hand liggende gegewens beskikbaar is (vergelyk weer eens Schmidt, 1996:297) laat 'n kommerwekkende vermoede na vore tree. Dit is naamlik dat sosiaal-wetenskaplike eksegete bereid is om enige sosio-historiese konstruksie te aanvaar, solank dit hulle net help om by die antwoord uit te kom waarop hulle vooraf besluit het. Of dit nou die Joods-Hellenistiese selfbeheersing van begeertes is of die Grieks-Romeinse uitleef van begeertes in *pederastia*, maak nie saak nie, enige hermeneutiese konstruksie is goed – solank dit net die antwoord oplewer wat hulle wil hê.

Samevatting

Dit blyk dat kampvegters vir homoseksualisme hoofsaaklik drie uitweë gebruik om by die Skrifuitsprake oor homoseksualisme verby te kom:

- Die eerste (en maklikste) uitweg is om, in die spoor van die Historiese Kritiek, die Bybel as 'n blote menslike dokument te beskou wat in die geskiedenis vasgevang is. Daarom is alles wat daarin geskrywe staan van blote historiese waarde en het dit geen bindende gesag vir die mense van ons tyd nie. Dit geld ook die Skrifuitsprake oor homoseksualisme. Ons kan maar net daarvan kennis neem as 'n standpunt wat bykans tweeduusend jaar gelede deur Paulus gehuldig was.
- Die tweede uitweg, wat eintlik op die eerste voortbou, is om in die spoor van die relasionele waarheidsbeskouing te sê dat die waarheid oor homoseksualisme na gelang van omstandighede verander, oftewel 'evolueer'. Daarom was dit wat die Bybel oor homoseksualisme sê vir die mense van daardie tyd waar, maar nie meer vir ons nie. Die omstandighede van die 21e eeu

7 Dit is tipies van die sosiaal-wetenskaplike eksegeese dat dit daarvan uitgaan dat die teks 'die sosiale behoeftes, groepsbelange, botsende ideologieë en die effek van groepsinteraksies weerspieël' (Kurpershoek, 1997:33).

8 Die gereformeerde beskouing is dat die Bybel nie tydgebonde of tydbepaald is nie, maar tydgerig. In die Bybel het God sy woord op die mense van daardie tyd gerig om hulle dwaasheid te ontmasker en hulle tot die waarheid te bring. In die proses spreek God tot die mense van alle tye om hulle oor te bring tot die lig van sy waarheid.

9 So nie, was dit nie meer *pederastia* nie maar blote prostitusie.

vereis 'n nuwe waarheid oor homoseksualiteit.

- Die derde uitweg is dat eksegete probeer om homoseksualisme vanuit die Skrif te regverdig. Om by die gewenste resultaat uit te kom, maak hulle van 'n sosiaal-wetenskaplike hermeneutiek gebruik. Dit sluit die volgende in:

- Hulle volg 'n sosiologiese interpretasiemodel in dié opsig dat hulle die sosiale wetenskappe as norm gebruik om te bepaal by watter antwoord hulle eksegete moet uitkom.

Die resultaat is inlegkunde in plaas van uitlegkunde. 'n Voorafbepaalde antwoord word in die Skrif ingeforseer.

- Hulle gaan daarvan uit dat die teks die destydse (heidense) beskouings van die samelewing weerspieël. Daarom gebruik hulle gegewens oor die destydse sosiale sienings van seksualiteit om die 'eintlike' bedoeling van die teks te ontbloot.

Die gevolg is dat hulle die Bybel as produk van die inspirasie van die Gees misken, asook die feit dat God in die Bybel sy waarheid openbaar aan 'n in-sonde-gevalle wêreld met verwronge beskouings. Die gesag van die Bybel word verwerp en dit word gedegradeer tot 'n blote handboek oor die etiese beskouings van mense 20 eeue gelede.

- Hulle gebruik sosio-historiese gegewens as sleutel om die teks te verstaan. Tog is die gegewens onvolledig, of hulle maak selektief daarvan gebruik.

Die gevolg is dat hulle die teks met 'n gebrekkige en soms moedswillig eensydige sleutel probeer oopsluit. Weer eens word sosio-historiese gegewens so geselekteer dat dit die eksegete help om die vooropgestelde antwoord in die teks 'aan te toon'.

- Hulle gebruik sosio-historiese gegewens om dit wat in die teks geskrywe staan te oortroef. Dit wat in die teks staan word geïgnoreer of word deur (weliswaar onvolledige) sosio-historiese inligting ongeldig verklaar.

Die hermeneutiese reël dat die teks die vertrekpunt van die eksegete moet wees en dat die Bybel uiteindelik uit homself verklaar moet word, is kennelik oorboord gegooi.

Die noodspronge wat die kampvegters vir homoseksualisme gebruik om die Bybel te laat sê wat hulle moet sê, is op sigself 'n bewys dat die Bybel nie homoseksualisme goedkeur nie. Die hermeneutiese 'sleutels' wat hulle gebruik, sluit die teks nie oop nie, maar sluit dit juis toe. Hoe toepaslik is die volgende waarskuwings wat die Gees deur die apostel Paulus in 2 Timoteus 3:5-9 tot ons rig: *Daar sal tye kom wanneer mense "n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het", mense "wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie. En net soos Jannes en Jambres Moses teëgestaan het, so staan ook hierdie mense die waarheid teë, mense verdorwe in die verstand, onbetroubaar ten opsigte van die geloof. Maar hulle sal nie verder voortgaan nie, want hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees, soos ook dié van daardie manne geword het'.*

Bibliografie

Barnard, R. 2000. Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks. Wellington: Hugenote uitgewers.

Bartlett, A. 2001. Homoseksuele predikante vra aanvaarding. *Die Kerkbode*, 166(6):6, 6 April 2001.

Bartlett, A. 2002. *Beeld*: 10, 19 April 2002.

Botha, P.H. 2004. The apostle Paul and homosexuality: a socio-historical study. PhD-proefskrif. NWU: Potchefstroom.

Calvin, J. 1979. Commentaries on the Epistle of St Paul to the Romans. Edited by Henry Beveridge from the original English translation. Michigan: Baker Book House.

Cottrell, J. 2000. The College Press NIV Commentary: Romans. Joplin: College Press.

Frederickson, D.E. 2000. Natural and unnatural use in Romans 1:24-27: Paul and the philosophic critique of eros. (In Balch, D.L.

ed. Homosexuality, science and the plain sense of Scripture. Grand Rapids: Eerdmans, p. 197-222).

Kurpershoek, P.W. 1997. Die hantering van die sosio-historiese konteks in die eksegetiese proses: 'n prinsipiële en historiese studie. Ongepubliseerde MTh-skripsie, Potchefstroom: PU vir CHO.

Louw, D.J. 1980. Perspektiewe op homoseksualiteit. Durbanville: Boschendal.

Paterson, T.J.M. 1984. An introduction to the ethics of homosexuality. *Journal of Theology of Southern Africa*, 48:45-54.

Schmidt, T.E. 1996. Act and reorientation in Romans 1:26-27. *Psychology and Christianity* 15 (4):293-300.

Scroggs, R. 1983. The New Testament and homosexuality: Contextual background for contemporary debate. Philadelphia: Fortress.

Van die administrasie

Weens redes buite ons beheer is die naamverwysings op die bankstaat van 19 Maart tot 30 April 2007 nie beskikbaar nie. Daar is 14 inbetalings van R140,00, twee van R150,00, twee van R280,00 en een betaling van R100,00 waarvan die persone wat die gelde gedeponeer het, nie geïdentifiseer kon word nie. As u vermoed dat u u intekengelde gedurende dié periode in die rekening inbetaal het, sal dit op prys gestel word as u mev Hanneke Das (012 331 4733 na 19:00) kan laat weet.

Saam met hierdie uitgawe van *Waarheid en Dwaling* word ook briefies uitgestuur aan diegene wat nog nie hulle intekengeld vir dié jaar betaal het nie. Sal u so vriendelik wees om dringend daaraan aandag te gee?

Christus roep die vrou tot diens in sy kerk

In twee vorige artikels (W&D April 2007 en Julie 2007) is gekyk na die openbaring rakende die vrou as beeld van God en hoedat die vrou se beeld-wees op 'n unieke wyse in haar hulp-wees neerslag vind. Met dié twee artikels in gedagte wil ons kortliks let op die vraag na die vrou in die amp en dan uiteindelik op die vraag na die plek van die vrou in die kerk.

'n Belangrike aspek oor die vrou in die amp is die vraag na die redes waarom hierdie kwessie enigsins op die kerk se tafel beland het. Indien 'n mens eerlik sou wees oor die grondliggende beweegredes vir die vraag of die vrou in die besondere dienste mag dien kan dit duidelikheid bring.

Dit is dus geen onbelangrike saak waarom die kwessie oor die vrou in die amp so in die brandpunt staan nie. Daar word egter nie veel gesê of gedink oor die plek van die vrou in die kerk nie. Ons kan gerus let op die nasionale sinodes van die GKSA wat al vir meer as 'n dekade besig is met die plek van die vrou in die kerk en dit gereduseer het tot 'n vraagstuk na die vrou in die amp. Gaan dit hier werklik oor die aanwending van vrouens se gawes in die Here se kerk of eerder oor 'n gelykstelling (gelykstelling in die sin dat die geskape onderskeid tussen man en vrou uitgewis word) tussen mans en vrouens se werk in die kerk?

Ons moet ons tog goed vergewis: Is dit die Woord wat ons dring tot reformasie oor hierdie saak? Is dit soos Maarten Luther wat die Woord ondersoek het en op grond daarvan met die Reformasie begin het? Indien dit die samelewing en 'n kultuur van fundamentele regte is wat ons ongemaklik begin maak

het oor die vrou wat nie in die amp mag dien nie, loop die kerk nie net die gevaar om die werklike vraagstuk te mis nie, maar ook om groot skade te berokken aan die verborgenheid en uniekheid van vrou-wees.

Ons sal egter moet erken dat daar sedert die Nuwe Testament 'n mate van regressie en deformasie ingetree het rakende die diens van die vrou in die kerk. Sonder om hierdie stelling verder te motiveer belig ons dit eerder met 'n vraag. Indien vrouens in die kerk hulle dienswerk beoefen het soos Christus dit bedoel het, sou ons dan enigsins met al hierdie vrae geworstel het? Is dit nie dalk so dat ons ongehoorsaamheid aan Christus 'n vakuum gelaat het wat die vraag na die vrou in die amp aanwakker nie?

Watter vraag?

Is die werklike vraagstuk tot reformasie dus: die vrou in die amp of die vrou in die kerk? Dit wil voorkom dat die kerk nie net die verkeerde vraag gevra het nie, maar ook die verkeerde antwoord gegee het (vergelyk GKSA Acta, 2003:545-606). Die kerk is bewus van 'n komplekse vraagstuk, maar die oplossing wat bepleit word is: die vrou in die besondere amp.

Die antwoord op bogenoemde vraagstuk, dat die vrou in die amp geplaas moet word, blyk uiteindelik 'n verenging te wees in plaas van 'n verruimende reformasie. Drie redes kan hiervoor gegee word. Dit misken eerstens die uniekheid van die vrou as beeld van God. Tweedens vereng dit die vrou se werk in die kerk tot werk in die besondere dienste. Derdens hanteer dit slegs enkele mense se

versugting om in die amp te wil wees. Dit beantwoord nie die hulproep van talle gelowige vroue wat wil weet hoe hulle hul gawes kan inspan in die opbou van die Here se kerk nie.

Die vraagstuk oor die vrou in die kerk behoort dus nie te handel oor die gelykstelling tussen man en vrou in die kerk nie, maar juis oor die wyse waarop vrouens se gawes in die kerk aangewend moet word. Die teendeel blyk ongelukkig in die hele debat oor die vrou in die amp waar te wees. Dit is veral twee grondliggende denkpatriene wat verantwoordelik is vir die verkeerde hantering van die vraag na die plek van die vrou in die kerk.

Twee aartsvyande

Voordat ons meer konkreet wil antwoord oor hoe die plek van die vrou in die kerk ingeruim moet word moet ons eerstens let op vrou-wees se twee aartsvyande, naamlik manlike chauvinisme en feminisme.

Manlike chauvinisme is die geloof dat 'n man inherent verhewe is bo 'n vrou. Vroeër is dit selfs rondit gesê. Sommiges dink dit steeds. Mans en selfs vrouens wat die andersheid van vrouens as minderwaardigheid sien, lê nog dik in die wêreld, en selfs in die kerk gesaai.

Hierteen het verset gekom. 'n Mens kon dit te wagte wees. Die verset het 'n hoogtepunt bereik in die vroue bevrydingsbeweging wat in die sestigerjare in Amerika posgevat het. Hulle wou hierdie onderdrukking beveg en uitwis. Dit het later na Europa oorgespoel. Die groot stryd was vir die gelyke beregtiging van die vrou.

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies



Aros groei vinnig en vanjaar se 67 studente (foto) en 30 dosente kan getuig waarom

Kom studeer ook by Aros; word 'n gelowige, bekwame onderwyser

Waarom 'n onderwyser word?

- 'n Voorspoedige land het gelowige en bekwame onderwysers nodig
- Dit is 'n bevredigende, afwisselende en belangrike beroep
- Wees diensbaar, vir kerk en land
- Die tekort aan onderwysers word al groter, in Suid Afrika en in talle ander lande
- Kwalifikasie bied jou geleenthede in talle ander rigtings

Waarom by Aros studeer?

- Verwerf 'n internasionaal erkende B Ed-graad, uitgereik deur die Noordwes Universiteit (voorheen PU vir CHO)
- Addisionele modules, ook erken deur oorsese instansie
- Deurlopende praktykopleiding
- Insig wat jou God en Vader van jou as onderwyser verwag
- Persoonlike begeleiding
- Intieme atmosfeer
- Lesings slegs Saterdag

Aros is 'n onafhanklike, private akademie, gestig in 2003, met fasiliteite in Waverley, Pretoria. Bied 'n volledige vierjarige B Ed-graad namens die Noordwes Universiteit (Potchefstroom kampus).

Aros glo dat goeie onderwys van kritiese belang is om die jeug van die Here te bekwaam om in Sy diens te staan, tot opbou van Sy kerk.

Vir verdere inligting, kom gesels met Pieter Bisschoff of Rob van der Kooy, bring gerus jou ouers saam.

Vir 'n afspraak, skakel 012 332 3222 of 072 127 9605.

E-pos: aros.arso@mailbox.co.za, www.aros.org.za

Cunninghamlaan 1182, Waverley, Pretoria

Gelyke regte het onder andere beteken dat die vrou enigiets kon doen op die wyse waarop die man dit ook kon doen, ongeag haar vrou-wees. Die unieke aard van die vrou het ongelukkig ook in die slag gebly. Die onderskeid tussen man en vrou het in hierdie debat sodanig vervaag dat dit weglaatbaar klein geword het. Die man het die verwysingspunt geword, al sou die vrouebevryders dit hewig ontken.

Uiteindelik ontstaan die Feministiese Teologie wat die Bybel beskou as 'n manlike dokument. Hier lê een van die groot angels van die feminisme vir die Christendom, dat selfs die Bybel 'n manlike boek is wat teen die vrou sou diskrimineer. Moederskap, hulpskap, onderdanigheid, 'n stille gees voor God, om jou huishouding goed te regeer, sagmoedigheid en diensvaardigheid is alles deel van die patriargale konteks van destyds. Hierdie uitdrukkings veronreg die vrou en stel haar as 'n minderwaardige wese voor.

Chauvinisme sowel as feminisme is die dood in die pot vir vrou-wees. Die een vertrap en verneder die vrou; die ander ontnem haar die uniekheid en wonder van vrou-wees. Die een misken die vrou se beeld-wees en verstaan haar hulp-wees as minderwaardigheid; die ander maak gelykheid en eendersheid die altaar waarop die vrou se uniekheid geoffer word. Die een is brutale geweld en die ander subtiële geweld teen die vrou.

Die een wil die vrou uit die besondere amp wegdwing omdat hulle manlikheid in gedrang sou kom; die ander wil die vrou in die amp inforseer omdat hulle voel dat hulle vroulikheid in gedrang gebring word deur vrouens nie in die amp te bevestig nie. Beide is ewe verkeerd. Tussen hakies: 'n mens moet in gedagte hou dat iemand nie noodwendig 'n manlike chauvinis of 'n feminis hoef te wees om elemente van hierdie denke te koester nie.

Gelykstelling ondermyn uniekheid

Die Bybel leer ons duidelik dat die

man nooit die uniekheid van die vrou kan nadoen nie. Haar stille krag, gawes, sterkte en roeping is eie aan haar. Daarom hoef sy nie soos hy te wees of met hom te kompeteer nie. 'n Vrou is nie vergelykbaar met 'n man in terme van haar uniekheid nie. Sy word nie aan die man gemeet nie. Sy is nie in kompetisie met die man nie, intendeel.

Vrouens vind hulle waarde in dit wat die Here self aan hulle gee. Hulle vind hulle waarde in gehoorsaamheid aan God se skeppingsorde. Die vrou vind die betekenis van haar vroulikheid juis ook daarin dat sy beeld van God is en dat sy daarin uniek is. Die werk van Christus was nog nooit bedoel om die uniekheid van die vrou te vervreem, te vertroebel of om die man as verwysingspunt te stel nie.

In die Nuwe Testament vind ons talle voorbeelde hoe vrouens gelykwaardig geag word, maar beslis geheel en al uniek. In Handeling lees ons hoe vroue dikwels 'n baie belangrike rol in die kerk gespeel het. Dink aan Priscilla, Lydia, Dorkas, Euodia en Sintiche. Ons lees in Timoteus van die weduweelyste waar weduwees 'n spesifieke werk van versorging en hulpverlening in die gemeente moes doen (1 Timoteus 5:9).

Verder word daar besondere klem gelê op die vrou as die huishoudster. In die Grieks staan daar dat sy die despoot van die huis is (1 Timoteus 5:14). Sy moet die huishouding regeer. Hierin is haar moederskap en die opvoeding van haar kinders van kardinale belang.

En die plek van die vrou in die kerk? Laat ons eers iets oor die ampte sê. In die liggaam van Christus is daar nie meerderes en minderes nie. Net so min as wat die man belangriker is as die vrou in die huwelik kan die besondere ampsdraer belangriker wees as die vrou (en mans) wat in die amp van die gelowige staan. Dit is tog vreemd dat die onderskeid tussen man en vrou in die huwelik vir mense nie op minderwaardigheid dui nie, maar dat dieselfde onderskeid vir sommiges in die kerk dan sou dui op minderwaardigheid.

Die kerk is nie 'n klub of organisasie nie. In die kerk is die kleinste die grootste. In die kerk is die verbondskindjie die belangrikste. In die kerk is die grootste onder ons diegene wat dien. Vrouens hoef nie te aspireer om 'n belangrike posisie in die kerk te hê nie, want daar is nie so iets nie. Die besondere ampte is nie die hoogste sport wat 'n mens in die kerk bereik nie. Dit is 'n instrument wat God daarstel om aan sekere mans op te dra om sy regering te bedien.

As ons besef dat die vrou se hulp-wees en beeld-wees hand aan hand loop en dat dit beslis nie minderwaardigheid is nie, word ons bevry van 'n aanhoudende gevoel van diskriminasie. Ons word bevry van ons slawerny aan humanistiese menseregte as ons die woorde van Christus begryp wat sê: Wie groot onder julle wil word moet julle dienaar wees. Dan kan ons die regte vraag begin vra. Nie hoekom die vrou in die amp moet dien nie, maar hoe die vrou se gawes in die kerk aangewend moet word.

Wat staan 'n vrou in die kerk te doen?

- Getroude vrouens moet hul kinders godvresend opvoed en die mans help dat daar huisgodsdien gehou sal word.
- Hulle moet hulle kinders help met hulle katekisasiewerk en hul mans help om daarby betrokke te wees.
- Getroude vroue moet hul mans bemoedig en aanspoor om hul ampswerk getrou te doen en hulle ook help met die organisasie en beplanning daarvan.
- Vrouens moet, soos Anna die profetes, God dag en nag dien in hul gebede. Dit is een van die mees vernames gedeeltes van hul hulpskap. Sy moet bid vir haar man, haar kinders, die medegelowiges. Bid vir die ampsdraers, die predikant. Bid vir die kerkraad-en diakonievergaderings.
- Hulle moet soos Priscilla onderlê wees in die Woord sodat hulle hul kinders, man, en ander gemeentelêde kan bedien met die Woord.

- Die vrouens moet met vrymoedigheid noodlydendes, bejaardes, siekes en eensames besoek en vir hulle uit die Bybel lees en bid.
- Vrouens kan uitstekende werk doen as organiseerders van verskillende jeugaksies in die gemeente soos laerskooljeug, hoërskooljeug en werkende jongmense.
- Vrouens kan op hulle besondere wyse die onverskilliges met die liefde van Christus nader trek.
- Die susters moet die diakens help en ondersteun sodat die liefdesdiens en barmhartigheidsdiens fisies uitgeoefen word. Hulle kan dink aan die oprigting van 'n sopkombuis, besoeke aan kinderhuise, gereelde hospitaalbesoeke.
- Hulle kan nuwe intrekkers en ouers met pasgebore kinders gaan besoek.
- Die susters kan die kerkraad behulpsaam wees in die opstel van wykslyste en verjaardaglyste.
- Hulle kan betrokke raak by kerklike administrasie.
- Die susters kan moeite doen om die wyk gereeld aan huis te laat kom vir Bybelstudie. Ons lees juis in die Bybel van vroue se huise wat bymekaarkomplekke vir die gemeente was.
- Hulle kan behulpsaam wees om gemeenteseminare of toerustingsgeleenthede te organiseer.
- Hulle kan steeds, soos altyd, met liefde toesien dat die mans nie van honger en dors omkom tydens vergaderings nie.

Die kerk se verantwoordelikheid teenoor die vrou

Die verantwoordelikheid lê nie net by die susters nie, maar ook by die kerk in sy geheel om die Skrifte weer aandagtig te gaan ondersoek oor die dienswerk van vroue. In die kerk behoort daar weer mooi nagedink te word oor die verskillende take wat vroue kan

verrig. Ons moet die regte vraag vra en dit ook beantwoord. Hierin het die *Christelike Gereformeerde Kerken* in Nederland goeie werk gedoen in 'n deeglike rapport oor die diens van die vrou in die kerk, by hulle Sinode in 2001.

Verder is daar aanduidings in die Skrif dat vrouens gemoeid was met sekere dienswerk en dat die mans gemoeid was met die leidinggewing daarin. Dit is opmerklik dat Calvyn hierdie onderskeid ken tussen diakens wat voorgaan en diegene wat die versorging doen. In sy Institusie (4.3.9) onderskei hy tussen die wat die sake van die armes behartig en die wat die armes self versorg. Hierdie fisiese versorging van die armes bring Calvyn dan in verband met die weduwees in 1 Timoteus 5.

Dit wil voorkom asof Calvyn onderskeid gemaak het tussen die diakens wat moet toesien, behartig en sorg dra (die diaken van 1 Timoteus 3) en die diaken wat help. So toon hy dit in sy kommentaar oor hierdie gedeelte aan. Dit is jammer dat daar in die GKSA nog nooit 'n genoegsame studie op die been kon kom om hierdie saak en die saak van die diens van die vrou in die kerk te ondersoek nie.

Het die groot vakuum nie ontstaan toe die werk van die vrouens gereduseer is tot 'n paar vergaderings per jaar waar enkele amptelike sake behandel is en die susters net verantwoordelik was vir alle voedselbehoefte in die gemeente nie? Het die fout nie gekom toe ons vergeet het dat sy in haar huis asook in die kerk as hulp moet heers nie? Na aanleiding van hierdie deformasie het die kerk onder druk van die samelewing en fundamentele regte gekom, die verkeerde vrae begin vra en uiteindelik ook die verkeerde antwoorde begin gee.

Om saam te vat: die Here Jesus se verlossingswerk hef nie die vrou se hulpskap op nie, ook nie in sy kerk nie. Sy is die pilaargang waardeur God sorg dat alles nie insak nie. Sy het 'n ryk en groot taak van God ontvang. Die vrou se uniekheid mag nooit minderwaardigheid wees nie. Haar unieke dienswerk moet die openbaarmaking van God wees.

As die vrou haarself minderwaardig beskou en haar werk tot teeskink beperk, is sy ongehoorsaam aan God. Dan het sy 'n slagoffer van manlike chauvinisme geword. As sy op dieselfde manier as die mans in die kerk wil dien het sy 'n slagoffer van die feminisme geword. In beide gevalle is die verborgenheid van vrou-wees geskend.

Hierdie geopenbaarde verborgenheid van die vrou is God se genade waardeur Hy sorg dat huwelik, kerk en samelewing nie in duie stort nie. Mag die Here gee dat mans en vrouens in die kerk opnuut weer die wonder van die vrou sal omarm, dat hulle opnuut weer sal besef hoe fataal 'n gelykstelling tussen man en vrou vir die kerk is en hoe verruimend dit sal wees as ons die gelykwaardige uniekheid van die vrou in die Here se kerk weer ten volle sal erken en bely.

Gebed voor die wedstryd

'n Stampvol haaitenk, juigende en opgewonde skare. 'n Mengelmoes van mense in terme van ras, klas, sosiale status en welke ander maatstaf gebruik kan word. 'n Ware reënboognasie. Een aspek bind hulle egter saam. Hulle is almal reg vir die Super 14 eindstryd! Daar is tog ook ander verskille duidelik opmerkbaar onder die skare. Verdeeldheid oor watter span ondersteun word en dan die hele spektrum vanaf totale nugterheid tot totale beskonkenheid.

Die atmosfeer is reg vir die aanbreek van die groot oomblik! Net voor die groot oomblik sien ons egter nog eers 'n vertoning van half geklede dames wat die spanning laat opbou en die mees beskonke mans nog so 'n bietjie ekstra aanspoor tot onweloweglike opmerkings.

Daar is egter nog 'n verskil tussen die skare. Minder sigbaar, maar tog daar. Daar is gelowiges en ongelowiges teenwoordig wat wel om verskillende redes die wedstryd gaan aanskou.

Dan draf die spanne op. Die spelers vorm 'n kring, hulle motiveer en bemoedig mekaar. 'n Kort gebed word gedoen. Sommiges doen daarna nog 'n verdere kort individuele gebed, op hulle knieë, voor die pale! En die charismatiese christene klap vir hulle hande en juig: prys die Here! Wat 'n getuigenis is dit nie vir Jesus nie!

Waar hierdie gewoonte ontstaan het weet ons nie. Sport is in elk geval die vriendskaplike weergawe van die oorloë uit antieke tye toe strydende magte vooraf hulle gode aanbid en geraadpleeg het voordat die oorlog begin het. Moontlik spruit die gebruik uit die feit dat ons tog 'n christelike nasie is, of ten minste 'n gedeelte van 'n nasie wat 'n christelike agtergrond het en bewys daarvan wil lewer op elke lewensterrein, ook in ons sport. Is dit dan nie 'n teken van ware geloof as 'n wedstryd voorafgegaan word deur die doen van 'n gebed nie?

Die vraag kan alleen op grond van die Skrif beantwoord word, waar die Skrif vir ons duidelike riglyne gee rondom die gebed. In die beoordeling van die gebed voorafgaande aan 'n sportwedstryd word aandag gegee aan die oorsprong van die gebed, die doel van die gebed asook die inhoud van en houding by die gebed.

Ter inleiding is dit belangrik om ook ons belydenisgeskrifte in ag te neem, met name die Heidelbergse Kategismus. In Sondag 45 vraag 116 staan daar: 'Waarom is die gebed vir die Christene nodig?' Die antwoord hierop is soos volg: 'Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis, en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank'.

Wat die inhoud van die gebed betref is die Heidelbergse Kategismus ook baie duidelik. Vraag 117 stel: 'Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?' Die antwoord lui: 'Ten eerste moet ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig. Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het'. Op wat God ons beveel om te bid haal die Kategismus die Onse Vader aan in vraag en antwoord 118.

Die ontstaan van die gebed vind ons in Genesis 4:26 waar daar na die geboorte van Enos vermeld word dat die Naam van die HERE aangeroep is. Deur die geslag van Set het die HERE die verbond met die kerk op aarde begin en so het die gebed 'n sentrale plek ingeneem

in die verbondsverhouding tussen God en sy kinders. In die Ou Testament het die gebed dikwels met vastye gepaard gegaan. Die doel van die vastye was om die aandag op die almagtige God en sy dade aan sy kinders te vestig. Die vastye het geleentheid verskaf om daarop te konsentreer en in heiligheid die HERE aan te roep. Gebede het ook gepaardgegaan met die offers wat gereeld gebring is, wat in die versoeningsdiens van die Ou Testament sentraal gestaan het in die dankbaarheidslewe van die gelowiges. Waar daar afgewyk is van die reëls rondom die offers het die HERE Hom daarvoor vertoorn en sy volk gestraf. In die boeke van die profete word die HERE se toorn oor die bring van valse offers duidelik uitgespreek.

Met die koms van Christus het die offers verval en deur sy soenverdienste aan die kruishout mag ons as Nuwe Testamentiese gelowiges deur Christus direk met gebed tot God nader. Die gebed vorm 'n sentrale deel van die dankbaarheidslewe van die gelowige en daarom kan 'n ware geloof nie losstaan van 'n aktiewe gebedslewe nie. In hierdie opsig gee Christus self die voorbeeld van hoe die gelowige moet bid. Dikwels het Hy homself afgesonder vir gebed soos dit vir ons opgeteken staan in die evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Die doel daarvan is altyd duidelik – om die naam van God die Vader te loof, sy afhanklikheid teenoor Hom te bely en al sy nood en stryd aan Hom voor te lê. In hierdie gebede staan God altyd sentraal en gaan dit oor sy eer. Dink maar aan sy gebed by die Olyfberg voordat Hy gekruisig is – 'n gebed wat met bloedsweet gepaardgegaan het.

Wat die inhoud van die gebed betref het Christus tydens sy lewe op aarde ook aan ons geleer hoe om te bid. Die eenvoudige maar allesomvattende 'Onse Vader', soos opgeteken in Matteus 6:9-13 en Lukas 11:2-4, bevat alles wat

die gelowige op elke lewensterrein van sy Hemelse Vader in ootmoed mag vra om aan alle geestelike en liggaamlike behoeftes te voldoen. Sentraal staan egter die eer van God die Vader, dat sy wil mag geskied en dat sy koninkryk mag kom. Die gebed van die gelowige is dus nie 'n selfgesentreerde gebed nie, nie 'n verlanglysie nie, maar altyd gerig op God en hoe die gelowige, as instrument van God, onder sy wil mag meewerk aan die koms van sy koninkryk.

Om in ware ootmoed voor God in gebed te nader verg die nodige voorbereiding. Gebed moet sentraal staan in ons dankbaarheidslewe en as gevolg daarvan moet ons onself oefen in die gebed. Gereelde, vaste gebed en die omgang met die Woord is die anker van ons geloof. Daarom moet dit in eerbied en met opregte ootmoed geskied. Dit bepaal ons houding tydens die gebed. Alhoewel daar verskillende omstandighede en geleenthede is waar daar gebed word, moet die persoonlike gebed in afsondering en rustigheid geskied sodat ons ons gedagtes kan bepaal by dit wat ons aan ons Hemelse Vader opdra.

In hierdie verband het Christus ook duidelike riglyne gegee met spesifieke verwysing na die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar soos opgeteken staan in Lukas 18:9-14. Die gebed van die Fariseër op die straathoeke en die pleine word verfoei terwyl die gebed van die tollenaar in ootmoed vir God welbehaaglik is.

Die Skrif maak egter ook op talle plekke melding van die openbare gebed. In Paulus se sendingbriewe word die gemeentes gereeld vermaan oor die manier waarop die gebed tydens die erediens moet geskied. Tydens die ontstaan van die eerste gemeentes is daar dikwels gesamentlik aan huis van 'n gelowige gebid. Die kern van die gebed, soos ook duidelik blyk uit die talle oproepe wat Paulus aan die onderskeie gemeentes maak, bly dat dit in ootmoed en heiligheid aan God die Vader moet geskied. Gebed is deel van ons worstelstryd hier op aarde. Tereg kan dan gestel word dat die gelowige se lewe 'n totale gebedslewe is. Dit is wat Paulus in die oog het as hy vir die Tessalonisense skryf: Bid sonder ophou.

Teen bostaande agtergrond kan ons as gelowiges nie dié soort gebed voor 'n wedstryd goedkeur nie. Die omstandighede is van so 'n aard dat dit nie voldoen aan die doel, inhoud of houding tydens die gebed soos Christus dit aan ons geleer het nie. Sulke gebede is in die algemeen selfgesentreerd, om 'n indruk te skep gelykstaande aan die optrede van die Fariseërs. 'n Valse lig. Nee, die ware gelowige begin sy dag met gebed – in stille afsondering – en dra dan sy behoeftes aan God voor om hom tydens die dag te bewaar en te beskerm. Hy vra God om hom te bewaar teen die Bose, om hom deur sy Gees te lei dat hy in ware geloof in sy koninkryk diensbaar mag wees. Om God se lig te laat uitstraal in 'n donker wêreld is iets wat die gelowige moet uitleef. Biddend werk en werkend bid. 'n Vertoon-gebed voor die wedstryd, al lyk dit vir die mens so aangrypend, is allermins die metode om sy lig te laat uitstraal! Veel eerder sal die biddende karakter van 'n speler se lewe uitstraal in sy toegewyde, eerlike, gehoorsame en medemenslike sportmanskap en gedrag op die veld.

Aktueel

Dr HS van der Walt, Pretoria

Die rol van waardes in ons lewens

Die mensdom was maar vir 'n kort tydjie 'n homogene samelewing met een taal en een kultuur en dus een waardestelsel. Deur God se ingryping met taalverwarring en verstrooiing tydens die mense se poging om 'n ontsaglike toring by Babel te bou (Genesis 11) het verskillende groeperinge ontstaan (Deuteronomium 32:8). Soos die tyd gevorder het, het elke groep al meer sy eie sosiale gebruike gevorm. Die verskille het sodanig ontwikkel en verwyd dat die Bybel melding maak van stamme, tale, volke en nasies (Psalm 2, Psalm 117, Daniël 3:4, Openbaring 7:9).

Kultuur

Sekere sosiale gebruike soos hoe om kos en klere te maak, hoe om oorlog te voer, hoe om teen die natuurelemente te oorleef, hoe om huise te bou, kinders groot te maak, siekes te versorg, werkrol-differensiasie, standverskille en regeerstrukture, het 'n besondere standvastigheid onder groepe, volke of nasies verkry. Die gebruike word dan ook van een geslag na die volgende oorgedra. Vir die doel van hierdie artikel word na die sosiale gebruike onder mense as 'kultuur' verwys. As eksterne omstandighede, soos verskuiwing

uit die grondgebied of 'n oorlog of natuurdwang, nie besondere druk veroorsaak nie, sal verandering baie stadig geskied. Selfs onder drastiese omstandighede vind verandering nie eers altyd plaas nie. Dink maar hoe die ortodokse Joodse kultuur oor eeue heen 'ongeskonde' gebly het.

Groepe of volke kan gevolglik op grond van verskille in die kulture onderskei word. 'n Land (geografiese grondgebied) word dikwels deur verskillende groepe, elk met sy eie kultuur bewoon. Gewoonlik sal die kultuur van die meerderheid of van die dominante groep in so 'n gebied of landstreek die kenmerkende

kultuur wees. In die tye toe kommunikasie tussen kulture beperk was, was onderskeidings op sekere gebiede baie duidelik. Namate kommunikasie geredeliker plaasgevind het, kom algaande vervaging van unieke kultuurwaardes en selfs versmelting daarvan voor. Blootstelling aan ander kulture kan ook lei tot 'verbreding' van die waardes deurdat die nuwe waardes eerder kompartementeel-onderskeidend as plaasvervangend opgeneem word. Waardes vorm die kerndeel van kultuur met godsdienste as een van die belangrikste aspekte wat dit onderlê.

Twee hoeke

Die verband tussen waardes en kultuur kan vanuit twee hoeke benader word, te wete 'n deontologiese of 'n fenomenologiese. In die deontologiese benadering gaan dit oor hoe nadenke vanuit die godsdienstige, filosofiese of etiese oogpunt, waardes gevorm het. Waardes is gevolglik ideologies van aard en dui die wenslike aan wat as eties reg geag word, byvoorbeeld reg-verkeer, saamstem-verskil, aanvaarbaar-onaanvaarbaar, of wat die wenslike behoort te wees. Volgens die fenomenologiese (sosiaal-wetenskaplike) benadering kan waardes omskryf word as 'n wye geneigdheid van individue, groepe of volke om sekere 'omstandighede' bo ander te verkies. Waardes is dus 'kriteria' waarvolgens voorkeur verleen word aan sekere alternatiewe bo ander. Die fenomenologiese benadering sal hoofsaaklik in hierdie artikel gebruik word.

Waardes

Waardes is nie 'n middel om iets anders te bereik nie, maar die onderliggende 'maatstawwe' waarvolgens voorkeure gerig word. Hoewel waardes onderling met mekaar verband hou, hoef hulle nie in harmonie met mekaar te wees nie. Hulle kan selfs onderling in konflik wees sonder dat dit die groep of individu pla.

In alles wat mense dink, sê en doen speel waardes 'n rol, hetsy bewustelik of onbewustelik.

Waardes is dus nie net iets abstrak nie maar dien byvoorbeeld as rigtingwyser vir die bestaan al dan nie van instellings in gemeenskappe, soos regeringstrukture en hulle wyse van funksionering. Die instellings funksioneer dan volgens daardie waardes en versterk sodoende die waardesetel. Die gedrag (aksie) van 'n persoon, groep of land moet nie aan hulle waardes gelykgestel word nie. Die aard van die omstandighede speel ook 'n wesenlike rol in bepaling van gedrag van die gemeenskap of persoon.

Navorsing toon dat die magdom waardes wat persone, groepe en volke hou, sinvol in groepe ingedeel en gemeet kan word. Verder dat 'n profiel (dit is die patroon van tellings verkry op die verskillende waardeskaal) van 'n gemeenskap, volk, land of van 'n persoon bepaal kan word (later meer hieroor).

Waardes en roeping

Die Here bepaal vir elke mens die spesifieke tydperk en spesifieke plek(ke) in die wêreldgeskiedenis waarin hy/sy sal lewe (Psalm 31:16, Handeling 17:26). Elkeen word gebore en opgevoed binne 'n spesifieke gesin met sy waardes. Gesinne bestaan nie in isolasie nie maar behoort tot 'n spesifieke groep, volk of nasie. So word elke mens dan, soos deur die Here beskik, van geboorte af opgevoed binne die kultuur van 'n betrokke groep, volk of nasie om sy (haar) roeping te kan vervul. Dink aan Moses se aanvanklike opvoeding deur sy ouers volgens die kultuur van Israel, gebaseer op die voorskrifte van die Here. Later is hy aan die paleis in Egipte en nog later in Midian (Eksodus 2 en 3) aan ander kulture blootgestel. In die proses is hy geskool vir sy roeping om Israel uit Egipte te lei. Daniël en sy vriende is 'n soortgelyke besondere voorbeeld (Daniël 1).

In Suid-Afrika, soos in baie ander lande, woon en werk verskillende volke met hul kulture deurmekaar. Verder het landsgrense hedendaags maar in geringe beperkende invloed vanweë die elektroniese kommunikasie en gemak waarmee tussen lande beweeg kan word. Mense kom dus gereeld

met persone en groepe van ander kulture en gevolglik hulle waardesetels in aanraking.

Om mekaar te kan verstaan is goeie kommunikasie nodig. Dit is net moontlik as daar, afgesien van taalkennis, ook kennis en begrip is vir die onderskeie waardesetels van die betrokke lande, gemeenskappe of persone. Onthou hoe Paulus die Grieke in sy rede op die Areopagus benader het (Handeling 17). Hy het eers by die Atheners se godsdienstegebruik aangesluit voordat hy uit 'n punt van ooreenkoms die ware God aan hulle verkondig het.

Onderliggende rol van waardes

Daar is reeds gemeld dat waardes 'n rol speel in alles wat ons dink, sê en doen. In die verband dien dit veral as:

- motivering vir die keuse van 'n spesifieke opsie uit verskeie alternatiewe;
- regverdiging van dit wat in die verlede gedoen is;
- riglyne waarvolgens mense en gebeure beoordeel word;
- rigter van aandag en van waarneming tussen verskeie alternatiewe;
- indikatore van fundamentele sosiale veranderinge.

Die ingrypende aard van bogemelde sake toon duidelik dat die betrokke waardes van individue, volke of nasies koersbepalend is vir die betrokkenes en andere wat daardeur geraak word.

Spesifieke waardes

As die implikasies van waardes vir elkeen se lewenswandel in ag geneem word, is dit belangrik om ingelig te wees oor die eie en andere se waardes. Die magdom moontlike waardes, soos bepaal oor 'n wye verskeidenheid kulture, kan goedsikks in groepe ingedeel word. Vir hierdie bespreking word 'n model van Schwartz gebruik. Die model onderskei tien groeperinge. Om 'n aanduiding van die omvang en aard daarvan te verskaf word die kategorieë net kortliks vermeld.

- Stimulasie (soeke na avontuur)
- Selfrigtinggewend (vryheid, kreatiwiteit)
- Universalisme (sosiale geregtigheid, gelykheid)
- Welwillendheid (hulpvaardigheid)
- Konformiteit (gehoorsaamheid)
- Tradisie (nederigheid, toegewydheid)
- Sekuriteit (ordelike sosiale gemeenskap)
- Mag (outoriteit, welvaart)
- Prestasie (sukses, ambisie)
- Hedonisme (genot en plesier)

Twee ander waardes, wat aan sekere kulturele gebruike gekoppel is en wat nie so duidelik in bogemelde model na vore kom nie, verdien vermelding. Die gepaardgaande kultuureienskappe kan help om verskille tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande beter te verstaan en is vir ons in Afrika van belang. Die een behels 'n onderskeiding tussen kulture op grond van abstrakte denke relatief tot assosiatiewe denke. In kulture met abstrakte denke, soos die in die Westerse wêreld, is die rasionele (oorsaak-en-gevolg) denke dominant. Abstrakte beginsels word dieselfde toegepas ongeag die situasie. In assosiatiewe kulture soos in Afrika en die Ooste speel die betrokke situasie 'n belangrike rol in bepaling van persepsies en gedrag. Assosiasie tussen gebeure word in die proses gebruik sonder dat daarvoor noodwendig 'n logiese basis bestaan. Dit kan dus gebeur dat in een situasie 'n spesifieke standpunt oor 'n saak gehuldig word en in 'n ander situasie 'n ander standpunt oor dieselfde saak. So 'n gebeure sal – uit die oogpunt van die rasionele-denke-oriëntasie – die betrokke se integriteit in gedrang bring.

Die ander kultuureienskap met gepaardgaande waardes hou verband met langtermyn- of korttermynoriëntasie en ook die beskouing oor die toekoms. Tradisioneel is tydoriëntasie in Afrika sterk op die verlede (voorvaders) gerig. Die toekoms bestaan in wese nie en word eers ter sake wanneer

dit in die hede werklikheid word. So 'n oriëntasie gee aanleiding tot krisisbestuur, want daar moet bontgespring word om aandag aan al die 'onverwagse' probleme te gee. Vele van die aspekte sou deur voorafbeplanning verhoed of bestuur kon gewees het. Enkele voorbeelde waarin hierdie oriëntasie 'n rol kon gespeel het is die ineenstorting van infrastrukture soos kragnetwerke wat onder die toenemende las swig. Kundigheid het ook op groot skaal in regeringsinstellings en organisasies verlore gegaan deur die uitdiensstelling van bekwame persone. Die realiteit kom dan later as vaardigheidstekorte na vore – onder andere in administrasies, onderwys, gesondheidsdienste en ingenieursdienste.

Persone en groepe se stand op elk van die waardes hierbo genoem, kan volgens skale bepaal word. So 'n stel tellings heet 'n profiel. Vervolgens kan persone, groepe of nasies op grond van die eendersheid van hulle profiele gegroepeer word. As voorbeeld word net enkele groepe lande genoem waarvan die profiele redelik soortgelyk is. Eerstens: Switserland, Swede, Denemarke, Oos- en Wes-Duitsland, Frankryk, Nederland. 'n Tweede moontlike groep: Engeland, Australië, Nieu-Seeland, Kanada, Griekeland. 'n Derde moontlike groep: Slowenië, Tsjeggië, Bosnië, Estonië, Hongarye. 'n Vierde moontlike groep: Jordanië, Suid-Afrika, Zimbabwe, Namibië, Indië. 'n Vyfde groep: Filippyne, Maleisië, Bolivia, Indonesië, Singapoer, Iran, Nepal, Fidji.

Betekenis van waardes in die alledaagse lewe

Baie omstandighede van 'n land, volk of persoon kan teruggevoer word na die betrokke waardes wat in die verlede gegeld het en hedendaags geld. So ook kan waarskynlike toekomstige optredes van die waardes afgelei word. Die verskillende waardes is nie almal ewe belangrik nie en dikwels word minder belangrike waardes prysgegee om meer belangrikes te kan bereik.

Na aanleiding van implikasies van hoë of lae tellings op die onderskeie waardes word net enkele

voorbeelde genoem. Die leser sal sekerlik met verdere nadenke vele bykomende implikasies kan verskaf.

Op regeringsvlak speel waardes 'n rol in die beleid van die land, byvoorbeeld by prioriteite in toewysing van gelde in die begroting. So sal 'n land met 'n hoë waarde vir individuele vryheid en ontwikkeling, ruimskoots geld aan navorsing en ontwikkeling toewys en ruimte vir entrepreneurskap skep. Op die langer duur word sodanige lande gekenmerk deur sosiale orde gebaseer op gemeenskappe eerder as op sosiale stand; politieke stelsels met gebalanseerde mag; groter beroepsmobiliteit; groter persvryheid; klein-groep arbeidsbewegings teenoor groot arbeidsvakbonde; inkomste-gelykheid tussen ekonomiese sektore.

As mag en status hoog in waarde gehou word, sal ruimskoots vir militêre en veiligheidsdienste asook statusgeleenthede begroot word. Op die langer duur word sodanige lande gekenmerk deur outokratiese en oligargiese regerings; skielike verandering in regering (revolusie/ staatsgreep); as politieke partye bestaan, is daar 'n sterk verdeling tussen links en regs met 'n klein middelgroep; belastingstelsel beskerm die rykes; as vrye arbeidsbewegings bestaan, is hulle in die politiek betrokke.

Waardes speel ook op organisasievlak 'n belangrike rol. Om bereiking van doelwitte te verbeter word byvoorbeeld in vele bestuursmodelle vir organisasies voorsiening gemaak vir die rol van individualistiese versus kollektiewe waardes betreffende lande, groepe of persone. By hoë individualistiese waardes is 'n transaksionele leierskapstyl aangewese. Dit behels dat die doelwitte en belonings duidelik uitgespel en beklemtoon word (transaksie tussen die bestuurder en werker). By hoë kollektiewe waardes word 'n transformatiewe leierskapstyl eerder aangewend. Dit behels dat die werker se verantwoordelikheid teenoor medewerkers en die bestuurder asook die organisasie beklemtoon word.

Organisasies met byvoorbeeld lae

individualistiese waardes word oor die langer termyn gekenmerk deur die morele grondslag van die werkers se verhouding met die organisasie; werkers se verwagting dat die organisasie vir hulle moet sorg soos vir 'n familie en hulle belange moet bevorder; organisasiebeleid en praktyke wat op lojaliteit en verantwoordelikhedsin gebaseer is; die groot invloed op werkers se welsyn.

Internasionale organisasies met kantore in lande met ander kulture en gepaardgaande waardes kom voor besondere uitdagings te staan. Die organisasiekultuur moet onder andere uitgebou word om begrip vir ander waardes te kan akkommodeer. Verder word baie moeite gedoen om personeel wat uitgeplaas word, sorgvuldig uit te soek en toe te rus. Die betrokkenes (en hulle meegaandes) se eie waardes moet byvoorbeeld 'n openheid teenoor persone met ander waardes toon. Verder moet die nuwe personeel in die ander kultuur toegerus word om ook begrip vir die waardes van die oorhoofse organisasie te ontwikkel.

Op persoonlike vlak 'n paar voorbeelde. Jeugmisdadigheid en dwelmverslawing word gekenmerk deur waardes hoog op 'stimulasie' en laag op 'welwillendheid, konformiteit'. Bereidheid om met ander kultuurgroepe saam te werk word gekenmerk deur waardes hoog op 'universalisme, selfrigtinggewend' en laag op 'mag, sekuriteit'. Outoritarisme en nasionalisme word gekenmerk deur hoë waardeprioriteite vir 'mag, sekuriteit', teenoor lae prioriteit vir 'universalisme'.

Toegepas op die kerk

Twee toepassings op die kerklike en godsdienstige terrein verdien ook vermelding. Tot onlangs was die GKSA se formele skakeling met kerke uit ander kultuurgroepe (in die geledere van GKSA) op die vlak van die Algemene Sinode. Slegs 'n klein getal persone was direk daarby betrokke. Waar die formele skakeling nou afgewentel is tot op die plaaslike vlak van klassisse, is baie meer persone egter betrokke.

In die opsig is dit belangrik dat daar kennis van die verskille in waardes sal wees om die stelsel enigins in die praktyk te laat funksioneer. Stemme word egter ook gehoor oor die besonderheid van 'multikulturele' gemeentes. In die opsig is ewewigtigheid en die lig van die volle Skrif nodig want die Here wys in sy Woord ook duidelik op die kultuuronderskeidings (Handelinge 17:26) wat nog teenwoordig sal wees by die einde van hierdie bedeling (Openbaring 7:9). Verder dui die gebeure by die uitstorting van die Heilige Gees daarop dat God beskik dat die Evangelieverkondiging geskied in die taal van die kulture vanwaar die betrokkenes kom. As 'multikulturele' gemeentes meer word as 'n tydelike noodmaatreël om gelowiges in te skakel totdat dit moontlik word om 'n afsonderlike gemeente vir hulle tot stand te bring, word hulle die Godgegewe geleentheid ontnem om die bediening van God se Woord in hul eie taal en met inagneming van hul kulturele waardes te ontvang.

Waardes kom ook by die verkondiging en toepassing van God se Woord ter sprake. Behoorlike ontleding van die sosio-politieke omstandighede waarbinne die Godsopenbaring tot die eerste ontvangers destyds gekom het, asook die soortgelyke omstandighede waarbinne die Woord vandag verkondig en toegepas word, is 'n belangrike stap in die eksegeese en hermeneuse van die Bybel. In die hermeneuse is die aspek van tydgerigtheid en tydgebondenheid van Skrifdele vandag in die brandpunt. Op grond van die mate en wyse waarop waardes in die kulture tydens die ontstaan van die Bybel in ag geneem word, handhaaf teoloë uiteenlopende standpunte oor sekere Skrifdele. Selfs in die geledere van teoloë wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf, kom teenoorgestelde standpunte voor oor byvoorbeeld homoseksualisme en oor vroue in die formele dienste van predikant, ouderling en diaken.

Slot

Persone se kennis van hul eie

profiel van waardes kan hulle tot beter eie insig bring. Sulke kennis hoef nie noodwendig formeel deur meting verkry te word nie. Eerlike oorpeinsing behoort 'n goeie aanduiding te gee. Insig in eie waardes behoort elkeen in staat te stel om sy (haar) roeping beter te volvoer. Vir christengelowiges behoort die Woord van die Here die basis van hul waardes te wees. 'n Gereformeerde lewenswandel behoort dan ook duidelik uit hul profiel van waardes te blyk.

Bewustheid van ander persone, groepe of nasies se moontlike andersoortige waardes behoort beter begrip, samewerking en doelwitbereiking te bewerkstellig.

Bronne om te raadpleeg:

Hofstede, G. 1980. Culture's consequences. International differences in work-related values. Sage Beverly Hills.

Schwartz, S. 2007. Value of values: Theory measurement and application. Paper presented at 10th Annual Industrial Psychology Conference, 14 June. CSIR International Conference Centre, Pretoria.

Snyman, W.J. 1977. Nuwe en Ou dinge. Uit die skat van die koninkryk. Red P.C. Snyman. Pro Rege, Potchefstroom.

Gnossies

Johann Rossouw – filosoof, redakteur van *Die Vrye Afrikaan* en uitvoerende beampte van die FAK – het onlangs 'n nuwe boek die lig laat sien: *'n Rooi Z4 en 'n Renaissance-kasteel*. Die flapteks van die boek verklaar: 'In hierdie onklassifiseerbare 'filofiksie'-werk vertel Johann Rossouw die geskiedenis van sy generasie se Pretoriase Afrikaners. Dis die verhaal van hoe politieke ontnugtering en 'n geprivatiseerde leefstyl geboorte geskenk het aan 'n nuwe kulturele tipe en die opvolger van die jappies van die 1980's – die gnossies.'

Kirby van der Merwe het met Rossouw 'n onderhoud gevoer en hom oor die boek, onder andere oor die betekenis van die begrip 'gnossies', uitgevra. In *By* (die bylae van die dagblad *Beeld*) van 22 September 2007 is 'n verslag van die onderhoud onder die titel *Die opvolgers van die jappies* gepubliseer.

'Laat ek dit só verduidelik,' sê Rossouw op sy rustige, gelykmatige manier. 'Wat ek eintlik in die boek doen, is om die privatisering van religie te kritiseer – die privatisering van religie soos Marilyn Manson dit onder meer in sy liedjie *Personal Jesus* verwoord.'

Die boek is in 'n kort tyd, in April en Mei 2005, geskryf, sê hy. 'Wat die boek ontketen het, is toe ek 'n huis hier in Pretoria gesien het wat soos 'n Renaissance-kasteel lyk. En toe ek na van my beste vriende luister wat altyd soveel te sê het oor die ANC en die staatsorde wat hulle bedreig. Dis iets waarmee ek glad nie saamstem nie, want ek dink die Afrikaner se grootste bedreiging – as dit daarby kom om 'n kreatiewe, skeppende, demokratiese gemeenskap te wees – is hierdie pseudo-gnostifikasie. Hulle is besig, of hulle het reeds verander, in geprivatiseerde individualistiese mense wat net wil gebruik en wat geen historiese sin het nie.

... Dit is hard gesê. Dit geld nie alle Afrikaners nie. Ek praat van hierdie verskynsel onder Afrikaners. Die boek is 'n kritiese gesprek met my generasie se Pretoriase Afrikaners. My generasie het 'n groot skuif op beroepsgebied gemaak, in professies en ook as ondernemers (ek hou nie van die woord *entrepreneurs* nie). As jy my generasie met die vorige generasie vergelyk, sou jy kan sê dit is in 'n sekere sin 'n stap vorentoe. Maar hier word 'n baie hoë kulturele prys betaal, 'n kreatiewe prys. Myns insiens het dié 'vooruitgang' veroorsaak dat die beste mense van my generasie wat 'n groot rol in hierdie land en in die gemeenskap kan speel, verinnerlik. Hulle keer na binne deur hulle op allerlei maniere aan die samelewing te onttrek. Hulle vorm klein, geprivatiseerde kliëks. Pretoria is my gunstelingstad, my liefelingstad, dis die plek wat ek die beste ken. Maar ek neem ook dieselfde tendense waar in ander stede waar daar baie Afrikaners woon.'

Rossouw kyk met 'n klipoog na die Afrikaner in sy boek. 'Die Franse antropoloog Marc Augé sê 'n antropologiese plek is een met

geskiedenis, met gemeenskap, inklusiwiteit en 'n sterk identiteit. 'n Nie-plek, daarenteen, is 'n plek sonder 'n historiese bewussyn, sonder 'n sterk identiteit, en die mense daar is individue. Waar mense voorheen, sê nou maar, meer in huise en kerke of op die land bymekaar gekom het, bring hulle in die moderne industriële samelewing die meeste van hul tyd in nie-plekke soos gimnasiums, winkelsentrums en casino's deur.'

Hy het 'n ambivalente verhouding met dié plekke, sê Rossouw. 'Op 'n manier hou ek van die plekke én verpes ek dit.' Hy vertel hoe hy Pretoria se Menlynwinkelsentrum op 'n Vrydagmiddag en Carnival City se casino een naweek ervaar het. 'In Menlyn is daar 'n ongelooflike energie en 'n feestelike atmosfeer. Carnival City was vir my soos 'n ou kerkbasaar, en ek het besef: Hier sit al hierdie Afrikaners in die casino en jy hoor net Afrikaans! 'Wat ek in dié plekke sien, is nie heeltemal dit wat Augé beskryf nie. Wat jy hier waarneem, is nie individualisme in die Europese sin nie. Hier het ons eerder groot dele van 'n gemeenskap wat hulle juis as 'n gemeenskap in die daardie plekke wil terugtrek.

DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

(kompleet met volledige tekste),

saamgestel deur Enne Nieuwenhuis.

'n Praktiese hulp by die bestudering van die Heidelbergse Kategismus.

R75 + R16 posgeld.

DIE BRIEF AAN DIE GALASIËRS

verklaar deur dr A H Bogaards.

R85 + R16 posgeld.

Die Boekuitgewers (tel 012 808 3551)

Folmer Boekhandel Kaapstad (tel 021 948 5883)

Folmer Boekhandel Pretoria (012-333 8064).

Ek begin die boek in die gevestigde filosofiese tradisie met 'n probleemstelling ... Ek vra: hoe is dit moontlik dat 'n republikeinse stad, Pretoria, wat die groot Imperium van sy tyd in die naam van vryheid uitgedaag het, 'n honder jaar later sy siel aan die siellose gnostiek van die hoëtegniek sou verkoop? Die Republikeine het hul eie geskiedenis geskryf deur die dinge wat hulle doen, maar die agterkleinkinders van Pretoria se republikeine – my generasie – ontsnap aan die geskiedenis deur die dinge wat hulle besit, wat hulle najaar om hul eie subjektiewe voorkeure te bevestig.'

Die term 'gnossies' is afgelei van gnostiek. Dit is 'n vindingryke begrip wat Rossouw geskep het om sy generasie Afrikaners mee te beskryf. Dié vindingryke begrip skud 'n mens egter tot in jou fundamente as jy diepgaande en eerlik daaroor besin. Die ou dwaling van gnostiek, wat daarop gerig is om die godsdiens te vergeestelik en verpersoonlik – en dit ten koste van die gemeenskap van die heiliges – is 'n monster met baie koppe. In die vroeë kerkgeskiedenis het die gnostiese denke tot die ontstaan van talle apokriewe en pseudepigravies (valse) geskrifte gelei. In die onlangse verlede is die aandag weer sterk daarby bepaal met die bohaai oor die evangelie van Judas.

Laasgenoemde is 'n tipiese vrug van die gnostiek.

Tans vier gnostiek hoogty in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe. Mense stel dit prontuit dat geloof 'n persoonlike aangeleentheid is, en dat hulle nie die kerk (die 'klomp skynheiliges en outokratiese beterseters') nodig het om salig te word nie. Die vraag kan met reg gevra word of gnostiek nie al vir baie jare lank subtiel in die kerklike lewe ingedra is nie. Rossouw wys daarop dat mense hulle uit die kerklike lewe onttrek en by klein selfgroepe of knus gemeenskappies van eendersdenkendes voeg. Die rede wat meermale daarvoor gegee word, is: hier voel ons tuis, terwyl ons in die groot kerkgemeenskap ontuis en onwelkom voel. Hier word ons na reg waardeer, terwyl ons in die groot gemeenskap van heiliges oor die hoof gesien word.

Daar moet aanwysbare redes wees wat tot hierdie kliek-vorming in kerk en samelewing aanleiding gegee het. Rossouw noem enkele daarvan. Materiële welvaart, persoonlike ontwikkeling en beskerming van jou eie goed is die teelaarde van gnossie-wees. Maar in die kerklike lewe kom daar ander elemente by. Vir hoeveel jare is mense nie stelselmatig gebombardeer met vrae oor 'jou persoonlike verhouding met

God' nie? Menige preek is afgesluit met die vraag: hoe staan dit met jou saak?

Uiteraard is geloof persoonlik. Niemand kan namens jou glo nie. Maar dit wat ons glo, en in Wie ons glo is glad nie 'n saak van persoonlike belang alleen nie. Geloof het alles met gemeenskap te doen. Tweevoudige gemeenskap: met God en die naaste. Die tweede been van die gemeenskap is (en word) geheel en al deur die gnostiek onderskat. Kerk-wees ontlaar al te maklik in 'n saak van 'wat kry ek daaruit', in stede van 'hoe dien ek daar'. Sogenaamde 'church-hopping', waar mense van een kerk na 'n ander spring om te kyk waar hulle tuis gaan voel, het dikwels te doen met die vraag of ek van die predikant se preke hou en die bedieningstyl van die gemeente my aanstaan. Tipies gnossie.

Met sy gnossie-verwysing druk Rossouw op 'n baie seer, maar baie werklike wond in ons Afrikanerwees. Die antibiotika teen hierdie siekte lê in die Skrif. Wie God bo alles liefhet en sy naaste soos homself, kan en durf nie in moderne gnostiek verval nie. Liefde tot God en die naaste dryf alle selfsug en hebsug en beskerming van die eie ten koste van ander uit.

1 Timoteus 2 – erediens of nie?

In twee artikels wat *In die Skriflig* gepubliseer is, vra dr DG Breed die vraag of die voorskrifte wat in 1 Timoteus 2 oor die plek van die man en die vrou gegee word, op die erediens betrekking het, of dalk op die huwelik en die lewe oor die algemeen? In die tweede artikel (*In die Skriflig* 40(3) 2006:453-463) kom hy by die volgende slotsom:

Paulus gee nie deur sy verwysing na Genesis 2-3 enige aanduiding binne watter konteks die voorskrifte in 1 Timoteus 2:8-15 verstaan moet word nie. Die motivering in 1 Timoteus 2:13-15 sou kon dien as motivering vir gedrag in die erediens, die gewone lewe of die huwelik.

As Paulus (2:11-12) voorskrifte vir gedrag in die erediens gee, motiveer hy die voorskrifte, deur daarop te wys dat God aan mans sekere gesag gegee het deur Adam eerste te maak en daarna Eva. Hierdie gesag sal vroue erken as hulle hulle met innerlike kalmte en in alle onderdanigheid in die erediens laat leer, en as hulle nie in die erediens oor mans gesag uitoefen deur daar aan mans onderrig te gee nie. Hy hou in 2:14 Eva, wat met die sondeval die leiding geneem het en in die versoeking gekom het, as voorbeeld voor van iemand wat nie die godgegewe rol van die man erken het nie. Die vrou van Efese moet nie in die erediens dieselfde

fout as Eva maak nie. Volgens 2:15 kan vroue, deur hulle standpunt oor die skenk van geboorte, toon dat hulle nie meer in die staat van oortreding verkeer waarin hulle saam met Eva beland het nie, maar dat hulle redding gevind het. As hulle met ingetoënheid volhard in geloof, liefde en heiligmaking, sal dit werklik duidelik wees dat hulle redding gevind het.

Indien Paulus (2:11-12) oor die gedrag van vroue in die gewone lewe handel, beklemtoon hy in 2:13-14 dat God aan die man sekere gesag gegee het deur Adam eerste te maak en daarna Eva. As vroue hulle deur mans laat leer en nie oor mans

gesag uitoefen deur voortdurend vir mans voor te skryf nie, erken hulle hierdie gesag wat God aan mans gegee het. Paulus wys in 2:14 daarop dat Eva nie die gesag wat God aan Adam gegee het, erken het nie. As vroue nie op die voorskrifte in 2:11-12 ag gee nie, is hulle, net soos Eva, ongehoorsaam. Hoewel vroue volgens 2:11-12 nie die rol wat aan mans gegee is, mag inneem nie, het sy, in onderskeiding van die man, 'n besondere rol ontvang, te wete om geboorte te skenk. As sy hierdie rol hoog ag en met ingetoënhed volhard in geloof, liefde en heiligmaking, sal sy daardeur openbaar dat sy redding gevind het.

As aanvaar word dat Paulus in 2:11-12 aan Timoteus voorskrifte gee aangaande vroue se gedrag in die huwelik, wys hy in 2:13 eerstens daarop dat Adam eerste gemaak is

en daarna Eva. Die volgorde waarin God die man en vrou geskape het, gee aan die man sekere gesag in die huwelik, te wete dat hy sy vrou se hoof is. Hierdie hoofskap sal die vrou erken as sy met innerlike kalmte en in alle onderdanigheid van haar man leer en nie oor hom gesag probeer uitoefen deur aan hom voor te skryf nie. Tweedens motiveer Paulus sy voorskrifte deur in vers 14 daarop te wys dat Adam nie verlei is nie, maar dat die vrou verlei is en in oortreding gekom het. Daarmee beklemtoon hy hoe belangrik dit is dat vroue in die huwelik die hoofskap van hulle mans moet erken. As hulle nie met innerlike kalmte en in alle onderdanigheid van hulle mans leer nie, en as hulle oor hulle mans gesag uitoefen deur vir hulle voor te skryf, maak hulle dieselfde fout as Eva met die sondeval – hulle erken nie die hoofskap wat God aan hulle mans deur die skeppingsvolgorde gegee het nie.

Terwyl Paulus in 2:11-12 die godgegewe rol van die man in die huwelik beklemtoon, beklemtoon hy in 2:15 'n spesifieke godgegewe rol van die vrou in die huwelik, naamlik om geboorte te skenk. Die vrou moet, anders as die vals leraars in Efese, hierdie godgegewe rol hoog ag. As sy dit doen en met ingetoënhed volhard in geloof, liefde en heiligmaking, toon sy daarmee dat sy redding gevind het.

Dr Breed kom tot 'n slotsom wat om verseke redes bevraagteken word. Slegs vier word genoem.

- Hoekom sal Paulus in 'n pastorale brief, wat in geheel oor die gedrag in die huisgesin van God (die kerk) handel, een klein onderdeel uitsonder en slegs op die gedrag van man en vrou in die huwelik fokus?
- Is die skeppingsorde nie van toepassing op die lewe in sy volle omvang nie – ook die kerklike lewe? Met ander woorde – rus die hele 1 Timoteus-brief, 2:13-15 ingesluit, nie op die orde wat God in die skepping daargestel het en in Christus nuutgemaak het nie?
- Een van die beginsels van suiwer Skrifverklaring is om die Skrif met die Skrif – teks met teks – te vergelyk. 1 Timoteus 2:9-15

staan duidelik in verband met 'n soortgelyke opdrag in 1 Korintiërs 14:34-40. In 1 Korintiërs 14 word uitdruklik na die optrede van die vrou in die gemeente verwys. Waarom sou die voorskrif van 1 Timoteus 2 anders verstaan moet word?

- Dr Breed erken self dat hy met sy eksegetiese lynreg indruis teen die eksegetiese van menige gereformeerde teoloog, waaronder Ridderbos en Groenewald. 'n Mens sou ook Calvin hier kon byvoeg. By Calvin is daar geen twyfel oor die feit dat 1 Timoteus 2:9-15 alles met die vrou se optrede in die erediens te doen het nie (vergelyk sy kommentaar op 1 Timoteus 2:11).

Die konsekwensies van dr Breed se slotsom is dat die opdragte in 1 Timoteus 2:13-15 (eintlik 9-15) nie vir die vrou se optrede in die erediens van toepassing is nie. Dié Skrifdeel kan dus nie as rigtingwyser vir die besinning oor die plek en taak van die vrou in die kerk dien nie. Daarmee word 'n wesenlike stuk openbaring opsy geskuif. Afgesien van die debat oor die vrou in die besondere amp bied 1 Timoteus 2 'n diepgaande perspektief oor dit wat die Here van die vrou in sy kerk verwag. Dit sal in alle opsigte verkeerd en betreurenswaardig wees as 'n belangrike Skrifuitspraak soos hierdie tot die lewe in die huwelik en die samelewing versmal word.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: Waarheid en Dwaling
Dr GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Dr HS van der Walt
Mev JC de Wind
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 19:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:
R140 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031